# WEN BUFFELJAGKOMPETISIE

Droomprys in Mosambiek ter waarde van meer as **R600 000!**

Lees meer hieroor op bladsy 13

Die tydskrif vir die jagter en bewaarder / The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER

SUID-AFRIKAANSE SOUTH AFRICAN

# HUNTER



Smul heerlik aan 'n WILDSBOBOTIE

WINGSHOOTING Mark the spot!

LEEUJAG MET 'N MARTINI-HENRY

HUNTING THE SCOTTISH HIGHLANDS

FROM AN UGLY DUCKLING TO A SWAN

OP DIE KRUKKELYS

Die .270 Winchester – geskik vir die bosveld?

## PRODUCT TESTS

* IMR 4350
* HORNADY AMMUNITION
* STEINER RANGER RLF 10x42
* DAYSTATE ALPHA WOLF PCP

# JOHN RIGBY'S MEDIUM-BORE MAGAZINE RIFLES – THE .350S

UITGAWE • EDITION
JULIE/JULY 2023

NO. 06004
RSA R80.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$80.00

06004
9 770259 935002


STEINER
Nothing Escapes You
NOW ALSO AVAILABLE IN
6-24x56
[STEINER RANGER 4]
Set new standards with the all-new Steiner Ranger 4.
STEINER
FEATURES
• Extra large field of view and long eye relief.
• Reliable mechanics provide accurate repetition and exact clicks.
• Intuitive reticle illumination has easy-to-use rotating knobs that offer 6 nighttime and 5 daytime settings.
• High-contrast optics provide excellent resolution & edge-to-edge sharpness.
• Extreme ruggedness and precise construction, dustproof and waterproof up to 2 m.
• 4A-I Reticle with red dot has three posts for quick, uncluttered target acquisition.
RANGER 6
BALLISTIC CONTROL
STEINER
The Ranger Ballistic Caps are an optional extra consisting of five different caps that cover most bullets and calibers. This system enables precise reticle adjustment for the perfect shot.
Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.
Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While stocks last.
iSS INYATHI
SPORTING SUPPLIES

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

**ALGEMENE NAVRAE**
**084-554-0611** (kantoorure)

**WEBTUISTE**
***www.sajagterhunter.com***

**REDAKSIE**
**REDAKTEUR**
Francois van Emmenes
*francois@sahunter.org*
**SUBREDAKTEURS**
Elfriede Ainslie (Taalversorging)
*elfriede@sahunter.org*
Marisa Beeton (Taalversorging, webblad en sosiale media)
*marisa@sahunter.org*
**KUNSREDAKTEUR**
Marthie van Dyk
*marthie@sahunter.org*
**KOS-SUBREDAKTEUR**
Karla Janse van Vuuren
**SPESIALISBYDRAERS**
Herman Jonker, Kassie Kasselman, Prof. Brian Reilly, Pierre van der Walt, Johan van Wyk, Cassie Nienaber, Rean Steenkamp, Thinus Steyn

**ADVERTENSIES**
**ADVERTENSIEKONSULTANT**
Anandi Boshoff Tel: 084-493-5497
*ads@sahunter.org*
**JAGTERSMARKKONSULTANT**
Gail Osborne Tel: 084-432-1306
*ads@sahunter.co.za*

**INTEKENARE**
**INTEKENARE**
George Grobler
Tel: 087-353-1291
WhatsApp: 087-353-1292
E-pos: *SAHunter@onthedot.co.za*
**SAJWV-LEDE**
Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300
E-pos: *michel@sahunt.co.za*
**RAKVERKOPE**
Tommy Chapman
Tel: 011-713-9879
E-pos: *tommy.chapman@media24.com*

**UITGEWER**
Theuns Venter
E-pos: *tgventer01@outlook.com*
**SIRKULASIEHOOF**
André van Tonder
**KATEGORIEBESTUURDER**
Tommy Chapman

**DRUKKER**
**SA JAGTER/HUNTER word gedruk deur CTP Printers Kaapstad**

**UITGEWER EN VERSPREIDING**
**UITGEWER:**
SA Hunt Publishing (Pty) Ltd. ('n divisie van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging)

**VERSPREIDER:**
On the Dot, 'n divisie van Naspers.

© Kopiereg ***SA JAGTER/HUNTER.*** Alle regte voorbehou. Menings van medewerkers, rubriekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.

# INHOUD

**JULIE - JULY 2023**




**COVER:**
**Rifle:** "John Rigby & Co .350 Magnum rifle built on an original Mauser single-square-bridge Magnum action. Listed in the Rigby records as a Mauser Sporting Magnum rifle s/n 5754 delivered in *1947 to F.S.V. Gillaú. From the collection of Theo Scheepers"*
**Waterbuck:** Photo: Gordon Arons.

## RUBRIEKE

4 ONDER DIE KAMEELDORING/ UNDER THE CAMEL THORN

6 BOSPOS

8 SNELVUUR

11 SMS-KOMPETISIE

12 DOOIERUS – DIE VOORVADERS

24 KAMPVUURSTORIES MET KRISJAN EN KRUIWA – KRUIWA SKITTER OP TWITTER

40 KARLA SE KOMBUIS – SMUL HEERLIK AAN 'N WILDSBOBOTIE

48 BOKSPOG

72 IN DIE HERLAAIKAMER/ IN THE RELOADING ROOM

## SAJWV

44 JAG EN BEWARING – KEN DIE FEITE
LIZANNE NEL

## COVER STORY

**14 JOHN RIGBY'S MEDIUM-BORE MAGAZINE RIFLES – THE THREE-FIFTIES**
*"Rigby designed the perfect weapons on which his reputation has been built and the perfect bullets for use in them."* – John Taylor
HUBERT MONTGOMERY

## ARTIKELS

**20 DIE VERMISTE FRANSMAN**
'n Fransman, 'n bottel KWV en 'n kampvuurkuier in vreemde tale sorg vir 'n interessante jag.
THINUS STEYN

**26 FROM AN UGLY DUCKLING TO A SWAN**
Some nifty gunmaking transforms an "ugly duckling" Mauser rimfire into an elegant little rifle with finesse.
PIERRE VAN DER WALT

**32 OP DIE KRUKKELYS**
'n Knieoperasie is soms nét die ding om 'n man weer in die jagveld te kry.
KARL HERMANN

**36 DIE .270 WINCHESTER – GESKIK VIR DIE BOSVELD?**
Die bosveldjagter kan met 'n geruste hart daardie groot-horingkoedoe met die .270 Winchester gaan aandurf.
THYS VALLENTGOED

**50 LEEUJAG MET 'N MARTINI-HENRY**
Om 'n leeuwyfie met 'n Martini-Henry aan te durf sit nie in enige man se pype nie.
BRITS VAN DEN BERG

**54 HUNTING THE SCOTTISH HIGHLANDS**
An unforgettable stag hunt with a bunch of tough Scotsmen.
PIERRE MARAIS

**62 MARK THE SPOT**
The way we mark our beloved companions' graves is a matter close to the heart.
KOBUS DE KOCK

## PRODUKTOETSE / PRODUCT TESTS

**58 STEINER RANGER LRF 10x42**
FRANCOIS VAN EMMENES

**60 HORNADY'S PRECISION HUNTER AND MATCH AMMUNITION**
FRANCOIS VAN EMMENES

**66 DAYSTATE ALPHA WOLF – DIE WOLF VIR WIE JY MAAR BANG KAN WEES**
JACQUES BOSHOFF

**70 IMR 4350 PROPELLANT**
FRANCOIS VAN EMMENES







Deur FRANCOIS VAN EMMENES

# HOE LYK JOU VELDSPYSKAART?

As daar nou een ding is wat vir my belangrik is in die jagveld, is dit lekker kos. Nie daardie tipe wat jy in "fensie" restaurante kry nie, selfs nie eens ons kossubredakteur Karla se vindingryke disse nie, alhoewel jy baie daarvan sommer in die jagkamp kan maak. Nee, vir my is dit die disse wat met die jagter praat, wat praat met die siel as jou lyf skraal raak ná al die dag se dinge. Veldkos, bederfkos, cholesterollekkernye en bederfies weg van mamma se oog... Iets anders as wat jy by die huis sou eet.

My grootste gunsteling sal altyd springboklewer bly, maar nie sommer enige springbok op enige plek nie – dit moet in die Kalahari wees, daar moet vuur gemaak word met kameeldoringhout en dit moet onder 'n kameeldoringboom wees. Die lewer, skoon afgewas nadat dit onmiddellik uit 'n goed gebloeide bok verwyder en afgekoel is, moet net sout en swartpeper kry. Geen bydisse, souse, marinades of broodjies van enige aard is nodig nie. Die sappige, pienk lewer is genoeg. Springbokhart, op dieselfde manier gebraai en uit sy skilletjie geëet, is net so lekker – die sappigste "biefstuk" wat jy ooit sal kry en glo ook goed vir die hart.

'n Veldbraai sonder springbok is ewe lekker – onder jou gekose boom, met 'n koelboks of net sagte Kalahari-sand vir die boude en 'n lekker koeldrank om die dag se lae suiker teë te werk. As die jagter klaar geskiet het, is daar natuurlik ook niks fout met 'n goue bruisdrankie of iets van Skotse oorsprong nie. Hierdie soort veldbraai verg 'n bietjie beplanning, maar nie volskaalse voorbereiding en die saamneem van voorbereide kos nie. Die lekkerte van so 'n braai is juis om dié dinge in die veld te doen – die uie, tamaties en aartappels met jou slagmes te skil en die broodjies te smeer. Alles op jóú tyd. Die kuier om die middagvuurtjie is waaroor dit gaan. Die stories van die oggend se jag, die goeie skote en mooi bokke, asook die geskerts oor die oggend se blapse.

My gunstelingtye in die jagveld was op Chalmer's Puts, oom Chris Whisky se plaas tussen Van Zylsrus en Askham, *many moons ago*... Oom Chris het nie vir al sy jagters hierdie geleentheid gegee nie, net vir dié wat dit waardeer het. Die lewer van die eerste twee of drie springbokke wat mooi geskiet was, is in die koelboks gebêre as deel van middagete se beplanning, en die lewer-en-hart-feeste onder oom Chris se kameeldoringbome is iets vir my oudag se onthou. Die middagslapie om die batterye te laai terwyl die vuurtjie kole maak, was altyd welkom. Ek het ander gunstelinge ook – aartappel-en-uie-*fritters*, *Schweinshaxe* (varkpootjies) vir die aand se hoofgereg, skaapskenkelkerriepot – en so kan ek aangaan...

Lekker eet is seker net so 'n wesenlike deel van jag as die jag self. Ek het al op my lekkerste in die jagveld gesmul – miskien omdat honger die beste kok is?

Deel gerus jou gunstelingveldkosresep met ons.

Tot volgende keer – geniet jou boskos!

Francois


Remington®
BIG GAME
MEET BIGGER GAME
Since 1939, Core-Lokt has been any big game's worst enemy.
As the original controlled-expansion bullet, it's filled more tags than any other load.
Core-Lokt's tapered copper jacket is locked to a solid lead core to deliver a massive 2X expansion with great weight retention and consistent on-game results.
Remington.
CORE-LOKT.
20 CENTERFIRE RIFLE CARTRIDGES
CARTOUCHES À PERCUSSION CENTRALE
1 SOFT POINT SHAPE
Provides broad frontal area for high-energy impact and rapid expansion.
2 SPITZER PROFILE
For improved velocity and flatter trajectory.
3 BULLET CORE "LOKT" IN PLACE
To provide deep penetration.
4 JACKET DESIGNED FOR PROGRESSIVE RELIABLE EXPANSION
Provides broad frontal area for high-energy impact and rapid expansion.
Core-Lokt Pointed Soft Point
Core-Lokt Soft Point
THE DEADLIEST MUSHROOM.
NOW EVEN DEADLIER.
1 CONSISTENT 2X EXPANSION
For large terminal wound channels
2 DEEP PENETRATION
High weight retention
3 PROVEN LETHAL
The original controlled-expansion bullet
FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS
Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 – 7793/4



# BOSPOS

## ONS WIL VAN JÓÚ HOOR!

Briewe van ons lesers is vir ons belangrik. Jou insette en opinies, wedervaringe in die jagveld en interessante stories of nuus is altyd welkom, asook jou kommentaar op die tydskrif se inhoud. Stuur jou brief aan ***marisa@sahunter.org*** en staan 'n kans om 'n geskenkbewys ter waarde van R1 000 van **Safari Outdoor** te wen! Hou jou brief verkieslik onder 300 woorde en verskaf asseblief jou naam en kontakbesonderhede. **SA JAGTER/HUNTER** behou die reg voor om briewe te redigeer en te verkort.

WENBRIEF

## JAGBIBLIOTEEK

Beste Francois

Die goeie saak van 'n jagbiblioteek is ter sprake. SA Jagters behoort dit sekerlik te oorweeg. Baie jagters het interessante boekversamelings wat nie noodwendig 'n fisiese plek of "tuiste" gaan vind by daardie persoon se erfgename nie. As al ons lede dit kan oorweeg om hulle jagboeke aan ons Vereniging te bemaak, kan 'n wonderlike biblioteek só opgebou word.

Daar kan dan natuurlik ook gekyk word na digitale weergawes van veral die ouer geskrifte waar outeursregte nie meer 'n probleem is nie. Jy kan moontlik selfs dink aan 'n gereelde resensie van wat beskou word as die mees gesaghebbende literatuur oor ons sport.

Laeveldgroete

**CHRIS STEYN**

*Chris, jy het voorwaar 'n puik idee hier beet! Ek lees self elke dag van my lewe 'n boek vandat ek sowat agt jaar oud was. Die afgelope 30 jaar is dit meestal boeke oor jag, gewere en bewaring en dit lê my na aan die hart, net soos my eie boekversameling. Die SAJWV se hoofkantoor beskik natuurlik oor 'n uitgebreide versameling jagverwante boeke wat deur wyle Nico van Rooyen aan hulle bemaak is. Ek is seker die Vereniging sal enige skenkings van jagboeke graag by hul versameling wil voeg. – Red.*




** Chris Steyn wen die R1 000-geskenkbewys van Safari Outdoor. Baie geluk, Chris!*

## AN ALL-ENGLISH MAGAZINE

Dear Francois

Thank you for a great magazine. Unfortunately, my Afrikaans is not good enough to be able to really get the best from each edition. That is really "my bad".

Would it be possible for you to provide an online version translated into English? I, for one, would be happy to suscribe to such a publication, and perhaps there are others.

Best wishes

**KEITH ATKINS**

*Unfortunately, translating all the Afrikaans articles into English will be out of our reach financially as more than 80% of our readers are Afrikaans-speaking. However, the English/Afrikaans ratio in the magazine caters for all our readers, with a generous number of English articles appearing in each edition. Our articles on old English rifles and shotguns, for example, are almost always English. We do care about all our readers and your continued support is appreciated! – Ed.*



JAGVERHAAL | Deur KOOS MARAIS

In my boek, *Die Laaste Eland*, het ek die epiese verhale van drie jaar se elandjagtogte in die Musina-distrik vertel. Ek het my letterlik moeg geskryf aan hoe ek moes sukkel om in 2015, 2016 en 2017 elande in die hande te kry. Dit het tot die publikasie van die boek gelei. Teen die einde van 2017 het ek verklaar dat ek nooit weer so sal sukkel nie. Van toe af, het myself belowe, sal ek sommer net gewoonweg jag. Ek sou skiet wat voorkom: blouwildebees, rooibok, koedoe of gemsbok. Verby was die dae van nougesette vasberadenheid op die elandspoor!

Só maklik kry jy die ou groot gryses egter nie uit jou bloed nie en aan die begin van 2018 het my gedagtes teruggedwaal na die bos agter die Soutpansberg waar die groot elande leef. Die obsessie het uit die dood opgestaan. Die tweede dwaling was erger as die eerste. Met die skryf en redigering van *Die Laaste Eland* het die jagtersinstink al sterker in my binneste gewoel, soos 'n koors in 'n mens se bloed. Sonder dat ek dit beplan of besef het, het ek elke tree, elke mopanieboom, elke roep van die bosbontrokkie en elke dwarrel van die ooswind meer intens beleef. Die hoop en die wanhoop, die kostasemigheid en die sweet in die oë het met elke paragraaf opgedaag en my uitgedaag totdat ek geweet het dat ek nie anders kon nie – ek móés nog 'n eland gaan jag.

Maar wat het die vorige drie jare fout gegaan? Hoekom moes ek so sukkel? Ek wou nie nog 'n herhaling hê nie, al het die gesukkel 'n mooi jagstorie met 'n sterk bewaringsboodskap opgelewer. Ek was klaar met sukkel en wou graag 'n maklike en goeie einde hê. Hoeveel jagters kom tog wel nie elke jaar by die huis met die verhaal van 'n eland wat net daar in sy spore

DIE PERFEKTE ELAND

*As elandjag eers een keer in jou bloed is, sal jy nie rus voor die ou groot gryse in die koelkamer hang nie.*

'n Mooi elandbul – elke jagter se droom. (Foto: Alan Ainslie)

50 SA JAGTER | Mei 2023

## DIE PERFEKTE ELAND

Ek lees in die Mei-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER dat Koos Marais sy .458 Win Mag na Faan de Vos geneem het vir behandeling deur die kolf met 'n pragtige tambotiekolf te vervang.

Ek sou so graag 'n paar mooi foto's van die meester se tambotiekolf wou sien. Ek het self vir my .458 'n tambotiekolf gemaak en dit het hom sommer mooi maniere geleer deur sy seer-skop-gewoonte te laat staan.

By voorbaat baie dankie.

Groete

**PAUL KIRSTEN**




## SKRYF VIR SA JAGTER/HUNTER

Die tydskrif verwelkom artikelbydraes van ons lesers oor hul jagervaringe, asook tegniese artikels oor jag, herlaai, gewere en dies meer. Jy hoef nie bekommerd te wees dat jy nie 'n "skrywer" is nie – as jy 'n storie kan vertel, dan kan jy skryf! Ons redaksionele span sal agter die skerms enige moontlike taalkundige foutjies regstel en jou artikel vir publikasie poleer.

**Deel jou stories met ons! E-pos jou artikelidees aan die redakteur by: *francois@sahunter.org***




Portman Co
UNLIMITED

Daystate and Brocock distributed by Portman Co

**www.portmanco.co.za**

**email: portmanco@outlook.com tel: 073 579 3289**

Dealer enquiries welcome. Terms and conditions apply.

# SNELVUUR

KORTLIKS ▸ NUUS ▸ INTERESSANT OM TE WEET ▸ BEWARING ▸ JAG




## Local cookbook *Everyday Venison* clinches prestigious World Gourmand Award




Leslie van der Merwe's creation, *Everyday Venison*, was crowned the Best Game Meat Cookbook in the World at the esteemed Gourmand Awards ceremony (see the book review by Karla Janse van Vuuren in our March/Apr 2022 edition).

The Gourmand World Cookbook Awards, an institution founded in 1995 by the visionary Edouard Cointreau, remains the pinnacle celebration of exceptional food and wine culture literature. The competition, which assessed over 100 000 books and publications from an impressive 230 countries, has solidified its reputation as the definitive global authority in the realm of culinary literary recognition.

In response to the exponential growth in the popularity of game meat recipe books, the organisers introduced a new category exclusively dedicated to honouring this burgeoning genre. *Everyday Venison* emerged victorious, triumphing over a competitive lineup that featured remarkable entries from France, Germany and New Zealand.

Through *Everyday Venison*, Leslie van der Merwe has artfully curated a collection of modern recipes that captures the essence of game meat cuisine, elevating it to new heights.

"This award is a tremendous honour and validation of the passion and effort poured into crafting *Everyday Venison*. I am humbled to have been recognised on such a global stage and am grateful for the opportunity to share my love for game meat cooking with a diverse audience," remarked an elated Leslie.

The runner-up titles from France, Germany and New Zealand further underscore the fierce competition faced by *Everyday Venison*, cementing its status as an extraordinary culinary masterpiece that has resonated with connoisseurs across the globe.

Well done, Leslie!

KOMPETISIE

## VOORBLADFOTO-KOMPETISIE



### Skiet ons voorblad met jou kamera en wen opwindende pryse!

SA JAGTER/HUNTER is altyd op soek na goeie foto's vir ons voorblad. Skryf gerus in vir ons splinternuwe kompetisie waar jou foto op die voorblad kan pryk – 'n lekker prys is op die spel!

Voorbladonderwerpe hoef nie noodwendig spesies te wees wat normaalweg gejag word nie, maar foto's van byvoorbeeld muise of slange sal nie by die tydskrif se tema inpas nie.

Die voorbladfoto wat jy instuur, moet 'n resolusie van ten minste 300 dpi hê. Dit moet in portretformaat *(portrait)* wees, met 'n afmeting van 23 cm x 28 cm, of 'n ratio van naastenby 4:5. Foto's moet groter as 2 MB wees, maar kleiner as 12 MB.




Vir 'n tipiese voorbladuitleg sal die foto-onderwerp ongeveer in die middelste derde horisontaal, asook vertikaal wees. Die onderwerp moenie minder as 15% (ongeveer 1/6de van die bladsy) en nie meer 25% van die totale foto opneem nie. Skiet dus wyd met jou kamera, moenie te naby inzoem nie en moenie die agtergrond sny (*crop*) as jy die foto redigeer nie. Ons het redelik spasie nodig bo, onder, links en regs om die voorbladprikkels te plaas. Die tydskrif se mashoof (naam) en uitgawenommer verskyn altyd op dieselfde plek. Sien die meegaande grafiese voorstelling om jou 'n beter idee van al die afmetings te gee.

Die beste voorbladfoto's is dié met 'n vervaagde *(blurred)* agtergrond en wat nie te bont of besig is nie. Die dier se kop en horings kan byvoorbeeld ook alleen die onderwerpspasie vul en die lyf en bene kan buite die onderwerpspasie val, solank teks bo-oor dit leesbaar sal wees. Foto's wat voorheen deur enige ander tydskrif of sosialemedia-platform gepubliseer is, kan ongelukkig nie gebruik word nie – dit moet oorspronklike, nuwe materiaal wees. Foto's wat in die verlede geneem is, is dus ook welkom mits dit nie voorheen gepubliseer was nie.

**Stuur jou inskrywing aan die redakteur Francois van Emmenes by *francois@sahunter.org***



## SPESIALE VROUEDAGKOMPETISIE

In die Nov/Des 2022-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER het ons oor die groeiende aantal vroulike jagters in jagveld berig en die positiewe uitwerking daarvan op die jagbedryf en bewaring. 9 Augustus 2023 is Nasionale Vrouedag en SA JAGTER/HUNTER gaan in die Augustus-uitgawe spesiale erkenning hieraan gee en ons dames bederf. Ons beplan om die hele Bokspog aan damesjagters se foto's te wy en spesiale, ekstra pryse sal vir die wenfoto's op die spel wees. Stuur dus gerus jou jagfoto in van 'n dame en jong dametjie in die veld. (Dit hoef nie by 'n gejagte dier te wees nie; selfs foto's van 'n dame wat haar man of familielede vergesel in die jagveld, om die jagkampvuur, ens., sal in aanmerking kom.) Ons verwelkom ook artikels van die dames oor hul jagavonture. Bydraes moet ons teen 27 Julie 2023 bereik om in aanmerking te kom. Dames, moenie langer wag nie – stuur sommer vandag daardie spesiale artikel, jag- en bosfoto's in!

# WEN MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE

### TER WAARDE VAN MEER AS R600 000!



## WÉÉR SA SE GROOTSTE JAGKOMPETISIE OOIT

Die Mosambiek-buffeljagkompetisie van 2022 was 'n reusesukses. Die wenner, Lawrence Meintjes, en sy vrou Ansu wat vir hom die wenkaartjie gekoop het, was vergesel van SA JAGTER/HUNTER se redakteur en Gert Booyse, eienaar van Rhino Bullets wat 2022 se hoofborg was. Hulle het 'n ongelooflike ervaring meegemaak in Coutada 11 in Mosambiek, die tuiste van Zambeze Delta Safaris (ZDS).

Vanjaar maak ons weer so en die prys is dié keer selfs groter! Ons gaan weer 'n trofee-buffelbul jag, asook 'n trofee-waterbok en 'n trofee-rietbok. *(Die kwaliteit van die waterbokbulle en rietbokramme in die konsessie is ongelooflik – ek het nog nooit so 'n groot konsentrasie van "Rowland Ward"-diere in my lewe gesien nie. – Red.)*

Die jag vind aan die einde van November 2023 plaas en die presiese datums sal later bekendgemaak word wanneer ons span se retoervlugte na Beira bevestig is. Dit bestaan uit vyf dae se jag en ses aande se verblyf in een van ZDS se luukse kampe. Die wenner en sy/haar metgesel se kostes word ten volle gedek vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe – jy daag eenvoudig op met jou klere, kamera, brille en pille, en ons sorg vir die res!

Die helikoptervlugte tussen Beira se lughawe en die kamp is 'n ongelooflike ondervinding – vanuit die lug kan 'n mens die effek van onbeheerde nedersettings asook van die bewaringsareas duidelik sien. Die uitsig is eenvoudig asemrowend – talle troppe diere op die uitgestrekte vloedvlaktes. Die prys sluit ook die volgende in: die gebruik van ZDS se grootkaliber-gewere, alle kos en drank, jagpermitte, trofee-uitvoerpermitte, daaglikse wasgoed, die dienste van uiters bekwame en ervare professionele jagters en die dienste van die vriendelike kamppersoneel.

Verder wag daar op die wenner en sy/haar metgesel 'n geskenkpak met jagklere en ander lekker verrassings – hulle sal ongelukkig moet wag en sien waarmee hulle nóg bederf gaan word! Hulle kan ook uitsien na drie smullekker etes per dag wat deur die kampsjef voorberei sal word: 'n stewige ontbyt met alles wat nodig is vir die "enjinkamer", middagete by die kamp of in die veld, en 'n feestelike driegangmaaltyd elke aand. Die gesellige saamkuier om die kampvuur saans, waar die wenner die dag se jagstories met almal deel, is beslis iets om te beleef. Natuurlik gaan ons ook weer 'n artikel oor hierdie spesiale jag in die Jan/Feb 2024-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER publiseer – iets kosbaars wat die wenner vir sy/haar kleinkinders kan bewaar.

Dit is egter nie al nie... Daar wag nóg 'n groot verrassing op die wenspan met hul aankoms by die kamp. Ons gaan egter nie die geheim verklap nie – al wat ons kan sê, is dat die wenner se metgesel ook liefs 'n paar ure op die skietbaan moet deurbring voor ons vertrek...

Afrikan Tanning & Taxidermy van Bronkhorstspruit borg weer die trofeewerk vir hierdie kompetisie, wat 'n skouermontering van die buffel en skedelmonterings van die waterbok en rietbok insluit.

Die totale waarde van vanjaar se jag beloop R600 000.

Zambeze Delta Safaris jag al sedert 1992 in Coutada 11 in die Marromeu-gebied suid van die Zambezirivier in Mosambiek. Dié ervare jagondernemer is in 2022 as Dallas Safari Club se "*Outfitter of the Year*" aangewys. Die jaggebied bestaan uit meer as 200 000 ha sonder enige heinings en is die tuiste van 'n enorme aantal jagspesies. Spesiale amfibiese voertuie word gebruik om die sowat 25 000 buffels in die moerasse te bereik – 'n onvergeetlike ondervinding en beslis een vir die emmerskoplysie! Lees gerus die artikel oor die 2022-jag in die Jan/Feb 2023-uitgawe van ons tydskrif indien jy dit dalk misgeloop het.

'n Inskrywingskaartjie kos slegs R100 en jy kan soveel koop as wat jy wil. Blaai na bladsy 13 vir die volledige besonderhede of volg die skakel na die veilige webbladinskrywing. Moenie langer wag nie – skryf vandag nog in! JÝ kan die wenner van hierdie droomjag wees!

BEWARING

# LOODSINKERS VERGIFTIG NYLKROKODILLE IN ST. LUCIA-MEERGEBIED

**Deur XANDER COMBRINK EN MARC HUMPHRIES**




**Kaart van St. Luciameer in die iSimangaliso-vleilandpark in noordelike KwaZulu-Natal, Suid-Afrika.**

Die St. Luciameer, 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied in die iSimangaliso-vleilandpark, is die grootste vleilandstelsel in Afrika en een van die belangrikste beskermde gebiede vir die bewaring van Nylkrokodille in Suid-Afrika. 'n Onlangse studie deur navorsers van die Universiteit van die Witwatersrand (WITS), Universiteit van Pretoria (UP), Nasionale Dieretuin en die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) het egter bevind dat lood (Pb) teenwoordig was in bloedmonsters van al 22 wilde krokodille wat hulle ondersoek het, met konsentrasies wat wissel van 86 tot 13 100 nanogram (ng) lood per ml bloed (ng/ml). Loodvergiftiging was beduidend hoër by manlike diere (gemiddelde bloedloodkonsentrasie van 3 780 ng/ml) in vergelyking met vroulike diere (gemiddeld 266 ng/ml). Verskeie krokodille het duidelike kliniese bewyse van loodvergiftiging getoon, en die hoogste bloedloodkonsentrasie (13 100 ng/ml) was nie net die hoogste ooit aangeteken tydens 'n studie van wilde krokodille (krokodille, alligators, kaaimanne en ghariale) nie, maar ook vir alle gewerwelde diere. Ter vergelyking, bloedloodvlakke van 600 tot 1 000 ng/ml word as giftig beskou vir valke en watervoëls, en 600 tot 800 ng/ml vir soogdiere. By kinders word 50 ng/ml in verband gebring met verminderde kognitiewe en neurologiese ontwikkeling wat onomkeerbaar kan wees.

Krokodille wat oor 'n lang termyn aan lood blootgestel word, kan bloedarmoede ontwikkel en die toestand van hulle tande kan só ernstig verswak dat nuwe tande nie kan vorm nie. Die diere vrek uiteindelik weens wanvoeding. Hierdie simptome stem ooreen met loodvergiftiging wat by voëls en soogdiere waargeneem is, maar dit is nog nie voorheen by krokodille gedokumenteer nie. Gedurende vorige ondersoeke by St. Luciameer, het die navorsers swart merke op die oppervlak van tande en binne die mondholte van volwasse krokodille waargeneem wat ook met loodblootstelling verband hou.

Die studie het voortgebou op navorsing wat die Universiteit van KwaZulu-Natal tussen 2009 en 2014 uitgevoer het om bloedloodvlakke van krokodille te ondersoek wat by Kosibaai, Ndumo Wildreservaat en St. Luciameer gevang is. Die navorsers het ook aansienlike variasie (30 tot 9 600 ng/ml) aangeteken in bloedloodvlakke van 34 krokodilmonsters, terwyl die hoogste waarde wat aangeteken is, effens laer was in vergelyking met hierdie studie. Gedurende die studie het die navorsers die maaginhoud ondersoek van agt krokodille wat in die St. Luciameergebied aan natuurlike of ander toevallige oorsake gevrek het, en veelvuldige loodsinkers en/of ander hengelgerei wat lood bevat, aangetref. Dit is moontlik dat krokodille aktief loodsinkers teiken om natuurlik gastroliete (maagstene) aan te vul, veral by St. Luciameer se sanderige kusvlaktes met sy modderneerslae en weinig klippe. Hengelaars se waarnemings bevestig hierdie gedrag onder krokodille wat aktief aas of *dropshot*-lyne jaag en soms vang en insluk wanneer dit ingetrek word. By *dropshot*-hengel word 'n hoek aan 'n loodsinker aan die vislyn geheg wat aan kunsaas of 'n plastiek- of silikoonvis vasgemaak word om die natuurlike beweging van wilde prooi na te boots wanneer die hengelaar die vislyn inkatrol.

Die ingeslukte loodsinkers of *dropshots* bly vir jare of selfs dekades in die krokodil se maag. In teenstelling met soogdiere en visse, het krokodille 'n klein pylorusklep wat voorkom dat vaste voorwerpe van die maag na die dunderm beweeg om as afval uitgeskei te word. Die hoë suurinhoud van 'n krokodil se maag veroorsaak dat die lood vinnig in die bloedstroom, weefsel en been geabsorbeer word. Hoewel krokodille by St. Luciameer uitermatig hoë konsentrasies lood kan opbou, toon hulle 'n hoë weerstand teen die akute toksiese effek van lood. Dit is nog onbekend wat die impak van loodblootstelling op krokodille se gesondheid, voortplanting en die broeisukses oor die lang termyn is. Navorsing hieroor duur voort.

Krokodille by St. Luciameer is waarskynlik reeds vir dekades aan loodsinkers blootgestel. In die 1930's en 1940's het die streek 'n gewilde hengelbestemming onder ontspanningshengelaars geword. Verskeie droogtes oor die afgelope paar dekades het gelei tot 'n afname in ontspanningshengelaktiwiteite, maar lewensonderhoudende hengel deur plaaslike gemeenskappe wat aan die park grens, kom algemeen voor.



**Foto van gastroliete en Pb-voorwerpe (die rooi sirkel dui *dropshots* en 'n klein loodsinker aan) wat uit die maag van 'n dooie krokodil by St. Luciameer verwyder is.**

Die blootstelling van wilde diere aan lood is wêreldwyd 'n groot bekommernis. Lood is 'n gifstof wat in die liggaam opbou en geen natuurlike, fisiologiese voordele vir diere of mense het nie. Dit affekteer onder andere die vaskulêre, senuwee-, immuun- en voortplantingstelsels. As toppredatore met 'n lang lewensduur is krokodille veral vatbaar vir kontaminante. Navorsers is bekommerd dat krokodille by gewilde hengelbestemmings in Noordwes, Limpopo en Mpumalanga ook moontlik reeds deur lood vergiftig is. Verdere navorsing om dit te ondersoek, word beplan, asook 'n eksperimentele navorsingsprojek van die Tshwane Universiteit van Tegnologie en WITS oor die impak van lood op die fisiologie, endokrinologie en gedrag van Nylkrokodille.

Wêreldwyd is daar toenemende pogings om die gebruik van hengelgerei wat lood bevat, uit te skakel om die risiko's te verminder wat dit vir wilde diere en mense se gesondheid inhou. Byvoorbeeld, regulering oor die gebruik van loodsinkers het gelei tot die herstel van swaanbevolkings in die Verenigde Koninkryk. By St. Luciameer is die argument baie sterk om die gebruik van lood in hengelaktiwiteite te staak. Risiko's wat verband hou met die voortgesette gebruik van lood is waarskynlik nie beperk tot krokodille nie, en verskeie water- en roof-



**Agteruitgang in die tande en tandverlies is waargeneem by krokodille met verhoogde bloedloodkonsentrasies.**



**Swart vlekke op die tandoppervlak en aan die binnekant van die mond by twee manlike krokodille wat waarskynlik te wyte is aan die vorming van loodsulfied.**

voëls, roofdiere en selfs mense word op dieselfde manier blootgestel. 'n Verskuiwing na niegiftige alternatiewe soos staal, wolfraam-nikkellegering, tin, bismut, koper of selfs keramiek regverdig eksperimentering en verteenwoordig die enigste praktiese manier om blootstellingsrisiko's vir wild te verminder.

Om meer te lees oor die onlangse krokodilnavorsing deur prof. Marc Humphries (Skool vir Chemie, WITS), prof. Jan Myburgh (Departement van Parakliniese Wetenskappe, Fakulteit van Veterinêre Wetenskap, UP), dr. Robert Campbell (Nasionale Dieretuin, Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut) en dr. Xander Combrink (Departement van Natuurbewaring, TUT), besoek *https://doi.org/10.1016/j.chemosphere.2022.134977.* Inligting oor navorsing deur dr. Jon Warner *(Alligator Program, Texas Parks and Wildlife Department*, VSA in 2009-2014, dr. Xander Combrink (TUT), prof. Jan Myburgh (UP) en prof. Colleen Downs *(School of Life Sciences*, Universiteit van KwaZulu-Natal) is ook beskikbaar by *https://link.springer.com/article/10.1007/s10646-016-1652-8*

*Xander Combrink is 'n lid van die Departement van Bosbou, Vissery en die Omgewing se Loodtaakgroep wat verslag doen aan die nasionale werkgroep vir die voorkoming van wildvergiftiging.*


# SMS EN WEN!

SMS 31370

HIERDIE MAAND SE PRYSE:

SMS "DOVETAIL", "KAPPETIJN" OF "HAMILTON" MET JOU E-POSADRES NA 31370

SMS kos R1,50. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by *https://www.sajagterhunter.com/wen/bepalings_en_voorwaardes*

**DENNIS KAPPETIJN-MES**

SMS *"KAPPETIJN"* MET JOU E-POSADRES NA 31370



**Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500.**

Vir meer inligting, besoek hul webtuiste by *www.kappetijnknives.com* of kontak ons by **082-923-5639 / 082-968-4242**

**WENNER VAN DIE MAAND:**
Conne Spangenberg
(Kontak Linita by 082-968-4242 vir jou prys.)

**DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES**

SMS *"DOVETAIL"* MET JOU E-POSADRES NA 31370



**Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen.**

Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by **083-257-4041** vir meer inligting. Elke kissie is R525 werd.

**WENNERS VAN DIE MAAND:**
Jacques van der Merwe
Andre Dart

**PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE**

SMS *"HAMILTON"* MET JOU E-POSADRES NA 31370




**Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerdrag, ens.) kan elke maand gewen word.**

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

**WENNERS VAN DIE MAAND:**
Eben Swart
Petrus van Zyl

**Die wenners sal in die volgende uitgawe van SA/JAGTER/HUNTER bekend gemaak word.**

**Die vorige maand se wenner van Rogue se 25-liter-koelboks ter waarde van R3 299 is Johann Ungerer. Baie geluk, Johann!**



# DIE VOOR-VADERS

Kyk, ek is nou wel nie 'n opgeleide sangoma nie, maar gisteraand het ek 'n slag weer die bene gegooi. Sommer 'n paar varkribbeentjies, oor my skouer, toe ek daar by die vuur sit. Ek doen dit soms wanneer ek in die veld kamp, dan verbeel ek my hoe dankbaar een of ander diertjie gaan wees vir dié gelukkie, selfs al is dit nie kosher of halaal nie.

Maar vanoggend, toe ek uit my tent kruip om die nag se toordruppels agter 'n bos te gaan sprinkel, lê die beentjies nog steeds daar. Niks weggedra nie, geen muishond- of kat- of jakkalsspoortjies nie, net vol miere.

So staan en kyk ek hulle toe, want niks in die lewe is toeval nie, het ek al gelees. In alle dinge is daar glo betekenis. Selfs in hoe iets val wanneer jy dit oor jou skouer gooi.

Oooo, die voorvaders is kwaad, sien ek, nadat ek 'n paar strepe in die sand getrek het en dinge mooi bekyk het. Ou Verwoerd het 'n knorrige frons vanoggend, lyk dit. PW swaai sy vinger vir die fisante wat hom koggel, en die volstruispluim in Jan van Riebeeck se hoed bewe eintlik van ergerlikheid. (Ek sou seker ook moerig wees as almal my vir als blameer.)

Maar ek sien die bene beduie ook van 'n goue wildebees wat struikel, en van vendusiewaens wat leeg langs 'n droë fontein staan. Ek krap nog 'n bietjie en ek sien 'n buffel met lang, reguit horings soos 'n Ankolebees wat aan 'n rusbank staan en ruik. En ek sien in die bene dat dit elke ses ure twee ure lank nag is. Ek sien ook yslike gate in 'n teerpad, gate so diep dat mens net die doef-doef van minibustaxi's uit die donker dieptes hoor.

Ek staan en kyk die bene so en ek dog, nee wag tóé, vir soveel slegte nuus het ek nie lus nie. Toe skop ek hulle bymekaar en loop gooi hulle in die vullissak wat aan my bakkie se syspieël hang.

Maar steeds wil die voorvaders my nie uitlos nie. Al sit ek omring deur berge in skoon natuur, probeer hulle my heeltyd wysmaak alles is hopeloos. Beelde van die nuutgeboude ruïnes van Medupi en Kusile bly deur my kop maal en ek ruik die stink rook van Karpowerships, al is dit net 'n stuk gannabos wat in die vuur lê en smeul.

Later vervies ek my vir die voorvaders wat my mooi dag in die veld so bederf. Wie's hulle om vinger te wys na hulle nageslag? Van hulle het self ook maar dinge aangevang waarvoor hulle verantwoordelikheid behoort te dra.

Vat nou maar vir Piet Retief, 'n bouer van Wellington met 'n paar krediteure op sy spoor, wat pad gevat het Natal toe met die hoop om 'n ontwikkelaar te word daar. En toe sy fondament gesien het met 'n grondtransaksie. Wat gebeur het dat die verkopers hom doodgeslaan het, weet ek nie, maar ek vermoed as Piet dinge volgens die boek gedoen het, met omgewingsimpakstudies en 'n behoorlike regskontrak en die regte BBEEE-vennote, kon dinge dalk rustiger gewees het in KZN.

Ja, die voorvaders het ons al baie probleme besorg. (Dit staan mos daar in die groot boek: Die sondes van die vaders sal besoek word aan die derde en vierde geslag.) Hoekom het hulle byvoorbeeld toegelaat dat uitheemse plae soos wattel en kakiebos en Land Rover en Europese spreeus hier posvat? En hoekom het hulle nie destyds al, toe hulle begin telegraaflyne span het, *fibre* ingesit in stede van koper nie? En hoe het hulle koppe gewerk dat hulle diere so gewetenloos kon slag wanneer die geleentheid hom voordoen? Dink net: Hoe rig mens jou geweer op 'n seekoei as jy weet dis die laaste van die laastes in daardie rivier? Hoekom het hulle die walvisse so uitgemoor?

> Daar is wel 'n plek waarheen die jagter kan vlug om weg te kom van die ellendes wat deur die mens (en sy voorvaders) meegebring is, al is dit net vir 'n wyle: die natuur.

Baie van die dinge waaroor ons ons vandag kwel, kon voorkom gewees het as die voorvaders meer wysheid aan die dag gelê het en aan die toekoms gedink het. Maar nou lê en trek hulle net skouers op onder die kluite. Dit gaan sleg in ons land, en ons moet maar die beste maak daarvan. Party dae wil mens moedeloos raak, maar jy kan nie wegkom van die werklikheid nie.

Of kan jy?

Daar is wel 'n plek waarheen die jagter kan vlug om weg te kom van die ellendes wat deur die mens (en sy voorvaders) meegebring is, al is dit net vir 'n wyle: die natuur.

In die jagveld is daar vrede en balans. Diere en bome weet van politiek en ekonomie en landsake niks nie. Laat dus al die swartgallige nuus en kwellings agter wanneer jy gaan jag. Hulle gaan nie weggaan nie, maar moet hulle nie saamvat nie. Om dit reg te kry sal jy die versoeking moet weerstaan om daaroor te praat en om te spring elke keer as jou foon piep. Sit die demmitse ding sommer geheel en al af en gee jou oor aan die groot vreedsaamheid van die bos!

Gebruik jou tyd in die veld as kopskoonmaaktyd. Ontspan, raak rustig, leef in die oomblik en besin oor die lewe. Aan die huidige stand van landsake kan jy in elk geval niks doen nie. Maar hou dan ook in gedagte, in jou omgang met die natuur, dat dit nie joune is om mee te maak en breek soos jy wil nie. Dis jou kinders s'n. Jy is bloot die opsigter daarvan.

Onthou: Ons is die voorvaders van die toekoms.

SAJWV BIED AAN

# MOSAMBIEK-BUFFELJAGKOMPETISIE 2023

**R100 PER KAARTJIE**



# WEN

HIERDIE **DROOMPRYS** TER WAARDE VAN MEER AS **R600 000!**

**Prys sluit die volgende in:**

- TROFEE-BUFFELBUL
- TROFEE-WATERBOK
- TROFEE-RIETBOK
- VYFDAG-JAG IN COUTADA 11
- ALLE KOSTES INGESLUIT

**SKRYF SÓ IN:**

**BESOEK:**

https://qkt.io/Buff23

**OF**

SKANDEER HIERDIE KODE

**OF**

Betaal veelvoude van R100 in die SAJWV se bankrekening in: ABSA (632005) Reknr: 01443990077 – gebruik "Buffel" ASOOK jou selfoonnommer as verwysing.

**OF**

Koop 'n fisiese kaartjie by jou naaste SAJWV-tak se skietdae en sosiale aande.

SLUITINGSDATUM: 3 NOVEMBER 2023

TREKKINGSDATUM: 8 NOVEMBER 2023

MEDIABORG

TAKSIDERMIEBORG

NLC REG. NO: 00303/ 08

Volledige bepalings en voorwaardes beskikbaar by *www.sajagterhunter.com/wen/bepalings en voorwaardes*

 By HUBERT MONTGOMERY




**TOP CENTRE: A sealed, soldered-tin tropical pack holding 100 rounds of .350 Magnum. BOTTOM LEFT TO RIGHT: Kynoch .400/.350 NE solids, Rigby .350 Magnum solids, Rigby .350 Magnum semi-spitzer soft-nose, Rigby .350 No. 2 solids.**

# John Rigby's medium-bore magazine rifles – the .350s

*"Rigby designed the perfect weapons on which his reputation has been built and the perfect bullets for use in them."* – John Taylor

Founded in Dublin around 1735, the famous firm of John Rigby & Co. is one of the oldest firearm manufacturers in all of Britain. Today, almost 300 years later, it is still trading under the same name. During all this time, Rigby was responsible for many innovative firearm-related developments, including some of particular historical significance.

Undoubtedly one of Rigby's most significant developments was the .450 3¼" Nitro Express cartridge (initially called the ".450 Special"), which he introduced to the shooting world in 1898. Based on the earlier .450 3¼" BPE (Black Powder Express) brass case, but now loaded with 70 grains of cordite, it propelled a 480-grain bullet of .458" diameter to a muzzle velocity of 2 200 fps and a muzzle energy approaching 5 000 ft-lbs. The .450 NE quickly became the "go-to" dangerous-game elephant cartridge, immediately rendering all previous Black Powder Express rifles and the old 12-, 10-, 8- and 4-bore rifles obsolete.




**TOP: Early (1906) Rigby in calibre .400/.350 NE, built on a slanted-magazine-box Magnum action with step-down receiver ring. BOTTOM: Late (1947) Rigby .350 Magnum built on a normal Magnum action.**




**Very early .400/.350 round head-stamped "Rigby's 350 Nitro". The emblem at the bottom is that of Georg Roth, a sporting ammunition manufacturer from Vienna in Austria. It is not commonly known that Roth made .400/.350 NE ammunition for Rigby.**

With the .450 3¼" Nitro-Express, Rigby had a very fine "large-bore" cartridge for use in double rifles and single-shot falling-block rifles. On the other end of the scale, he had been selling Mauser-supplied bolt-action magazine rifles in calibre 7x57mm (later called the .275 Rigby) since before 1898, giving him an outstanding "small-bore". Obviously lacking from his line-up was a good "medium-bore". Around 1898, there were no suitable medium-bore cartridges propelled by the new nitro powders, so Rigby set about designing his own.

**THE .400/.350 NITRO EXPRESS**

Introduced by John Rigby in 1899, the .400/.350 Nitro Express was based on the old .400 black powder case, necked down to .35" calibre, with a case length of 2¾", and now loaded with cordite. The result was a large, rimmed (flanged) cartridge with a slow, straight taper and a long neck for securely gripping the bullets. Propelled by 43 grains of an early version of cordite, the very long, parallel-sided bullet of 310-grain weight and .358" calibre achieved a muzzle velocity of 2 150 fps. Due to the large-volume case, the chamber pressure was only 16 tons – an important consideration for early cordite. The long bullet gave it an astounding sectional density of .346, which of course ensured reliable penetration on thick-skinned African game. Penetration was further enhanced by Rigby's bullets which were made with very thick steel jackets. The overall length of the loaded .400/.350 cartridge was 3.68", which was, in fact, longer than the .375 H&H Magnum cartridge. This would become an issue when Rigby wanted to use the .400/.350 in magazine rifles, as we shall see later.

Immediately upon its release, the .400/.350 NE cartridge was used in double and single-shot rifles. Already in 1899, Rigby himself submitted a double rifle in this calibre to *The Field* for testing. By February 1900, the first Farquharson-actioned Rigby single-shot rifle was supplied in calibre .400/.350 Nitro. Interestingly, it was referred to in the records as a ".350 Special". Other makers, such as W.J. Jeffery, also supplied many Farquharson falling-block rifles, with the .400/.350 as a popular medium-bore chambering.

When inspecting old records, keep in mind that the rimmed .400/.350 was initially simply referred to as the ".350 Rigby" or ".350 Nitro". In Rigby's own ledgers, such rifles were recorded as just ".350". Of course, this led to great confusion once the rimless .350 Rigby Magnum and the rimmed .350 Rigby No. 2 cartridges were introduced in 1908 (as we will come to later). To avoid confusion, the .400/.350 was commonly referred to as the ".400/.350 Nitro Express" after 1908.

Shortly after launching the .400/.350 NE in 1899, it must have occurred to John Rigby that the cartridge could be the basis for an excellent medium-bore magazine rifle. Since no bolt actions were available at that time that could handle the long and rimmed .400/.350 »

The stock is made of specially selected, high-grade Turkish walnut (*Juglans regia*) with a nice colour, figure and pattern, and follows the classic English express style. It reminds me of a Rigby stock with a rounded Prince of Wales-style pistol grip. It was indeed based on the lines of a .275 Rigby of its owner. The rounded bottom of the pistol grip was a feature of the mini-Mauser rimfires. It is a nice touch that the owner retained that – it just seems historically appropriate. None of the original Mauser rimfires sported contrasting forend tips, and neither does this little masterpiece. Checkering is in the flat-top style. The owner's initials are inletted into the stock in 8 mm size letters. That must have been an extremely complicated and delicate exercise.

The butts of original Mauser rimfires were equipped with a plastic buttplate with checkering and the Mauser logo. Such a buttplate would be out of place on a high-end custom rifle, but so would a rubber recoil pad, even a Silvers. Therefore, a curved metal buttplate was used, providing a slim and tasteful finish to that part of the stock. I simply drool over it. A feature not visible on the accompanying photographs is that engraver Armin Winkler adorned it with an extract from Rudyard Kipling's poem "If" on the buttplate for reasons sentimental to the owner. It obviously was a particularly meaningful and symbolic project.

Another aspect of the stock I really adore because it just adds to the visual impact of this rifle is its deep belly contour as it flows over the trigger guard to the rear of the magazine well. That is what a dangerous-game rifle must look like! »



**TOP: The front sight and (BOTTOM) rear sight.**





**The final products are masterpieces to be proud of. As one would expect, the stock is of exhibition-grade Turkish walnut. The owner insisted on extra fine, 24-lines-per-inch, flat-top checkering, and Johan contained it all within borders in the British Hollow style. Armin Winkler did the engraving in the English Rose Bouquet Fine Scroll, and Johan used the Niedner rust blue process to finish the metalwork.**

»The case is, of course, the pièce de résistance. Johan created a light oak case with a blue velvet lining for his masterpiece. A case adds to the overall impact a rifle projects and makes an unambiguous statement about quality and value. It simply elevates a rifle to another level and sets it apart as a work of art. Johan had to build the case from scratch. The blue material he used is actually Rigby's original signature material and was specially imported from the United Kingdom for this project. Johan even had to manufacture a miniaturised version of a British-style oil bottle to fit the case!

I have seen custom rimfire rifles from international gunmakers such as Dorleac & Dorleac – truly works of art to behold. They are exceptional pieces, but I firmly believe that custom rimfires built in South Africa by our top local artists, including Johan Morkel, are right up there with the world's best, if not *the* best. We can be proud of our select group of master gunmakers – they are incredible, as this project has proven.

With one kiss, Johan had turned an ugly duckling into a beautiful swan, and what a swan! "One kiss" is perhaps misleading because the project took over 18 months to complete. Building a bespoke rifle requires skill, taste, patience and dedication. South Africa's top gunmakers are, like this rifle, a breed apart.

RITON
SEE THE DIFFERENCE




Lifetime Warranty
- Limited Lifetime Warranty For Traditional Variable Optics
- Two-year Limited Warranty On Electronic, Non-variable Power Optics

GUNS & BOWS
www.gunsbows.co.za

# RUSTENBURG ARMS & AMMUNITION

TEL: 014 592 0623 | ADDRESS: 1 1ST AVE, RUSTENBURG, 0300

**PRICES VALID 14 JULY 2023 UNTIL 14 AUGUST 2023 ONLY. WHILE STOCKS LAST.**

**BOSBUL SUBLIMATED CAMO HUNTING JACKET - MEN**



HJAC-SIZE

**R1 199**

**BOSBUL SUBLIMATED CAMO HUNTING JACKET - LADIES**



HJAB-SIZE

**R1 199**

**TAURUS PTG2C 9MM 12-ROUND PISTOL CYAN STAINLESS STEEL**



10020702

**R6 599**

**BERETTA BRX1 SYNTHETIC .30-06 SPRG**



A3213213111111

**R32 999**

**SIG SAUER 9MM PARA SIG P320 X-FIVE LEGION TXG GRIP PISTOL**



M10911241014sig

**R27 999**

**SIG SAUER CROSS RIFLE .308 WIN**



M20301115sig

**R44 999**

**CZ 457 AMERICAN BEECH STOCK 17 HMR RIFLE**



Cz45717am

**R12 499**

**RUGER LCP II .380 ACP HANDGUN**



Ru3758

**R11 799**

**TAURUS PTG2C 9MM 12-ROUND PISTOL LIGHT PURPLE**



10020698

**R6 599**

**BROWNING X-BOLT HELL'S CANYON LONG RANGE .300 WIN**



BRO-035499229

**R26 999**

Prices valid from 14 July 2023 until 14 August 2023 at Rustenburg Arms & Ammunition only. Unless we state a specific limitation, Rustenburg Arms & Ammunition will attempt to have sufficient advertised stock available to meet consumers' anticipated needs. Should we still run out of stock, we will attempt to obtain the stock or we will offer you a reasonable alternative. At Rustenburg Arms & Ammunition we take special care to ensure that the adverts placed are correct. If a mistake occurs or incomplete information is printed, we will display a notice in-store with all the correct details. Prices include VAT of 15%. CASH OR CREDIT CARDS ONLY.

DISCOUNT MIDAS
014 592 0623



Die gemmer-en-swart vark wat Tikka agter die bultjie gekry het ná Karl se tweede skoot.



# OP DIE KRUKKELYS

*'n Knieoperasie is soms nét die ding om 'n man weer in die jagveld te kry.*

Vir jare het daar 'n beeldjie op my pa se lessenaar gestaan met die inskripsie "Gewond maar nie Oorwonne". As kaalvoetseun het ek baie gewonder wat dit eintlik beteken, wetende dat dit eendag baie relevant in my jagervaringe sou wees.

Lank gelede, op 'n koue Dinsdagaand, ry ek tussen Bronkhorstspruit en Witbank teen 'n Suid-Afrikaanse Brouerye-trok vas. Ek het sleg seergekry en onder andere my knieskyf vergruis. Dertig jaar later keil die knie my behoorlik op en die Nieu-Seelandse Gesondheidsraad besluit om my te help.

Ek moes sommer geweet het dinge sou goed gaan toe ek my ortopediese chirurg in Taupo ontmoet en sy naam Francois van der Westhuizen is. 'n Mens voel mos sommer veiliger in die bekwame hande van een van jou eie mense hier in die vreemde. Boonop vat dit ook nie lank nie of dr. Francois vertel my van sy .25-06 en .375. 'n Suid-Afrikaanse dokter wat in Nieu-Seeland jag – wat 'n wenkombinasie!

Ná die operasie is ek onder streng opdrag om vir 'n paar weke nie gewig op my been te plaas nie. Gelukkig het ek nie gips nie, maar 'n stewige dog verstelbare harnas. Ek kry myself vreeslik jammer om so by die huis te moet sit. 'n Man kan net soveel episodes van *Vikings* kyk en jagvideo's raak ook maar vervelig ná 'n ruk. My gewere is naderhand soveel keer skoongemaak dat hulle wegkruip as ek net kluis se kant toe beweeg. Al my leë doppe is noukeurig gelaai, asook dié van my buurman en sommer nog 'n paar ander pelle.

Tydens my opvolgbesoek sien Francois sommer met die intrapslag dat ek erge ontrekkingsimptome het aan die reuk van gebrande kruit. Hy gee die groen lig dat ek mag begin bestuur en entjies loop. Ek hop met die spreekwoordelike lied in my hart en met behulp van my twee krukke na my bakkie toe. Ek is vas oortuig die arme Mazda BT 50 het al heeltemal vergeet hy is eintlik 'n 4x4 as gevolg van onbruik die laaste paar weke.

My eerste uitstappie is saam met my ou maat John in sy boot. Dit gaan maar moeilik om met die krukke in die boot te kom. Wat die hele oefening verder bemoeilik, is dat ons moet vlieghengel in die area waar ons visvang. Wat 'n gespook om met jou gewig op een been regop te kom in 'n boot wat maar lekker in die golfies ronddans. Wel, dit



Die eerste jong bul wat Tikka oorspronklik aangedui het net voor donker, was 'n penkop.



Tikka by die tweede jong edelhertbul vir die middag. Die bul het ses punte in sy horings gehad. Die krukke is daar vir eendag se onthou op die ouetehuis se stoep.

is probleem een; nommer twee is om nou 'n goeie gooi in te kry met die vliegtegniek. Naderhand laat vaar ek maar my pogings om my vliegie ver te probeer werp en teiken areas naby die boot waar daar watergras in die meer groei. Gelukkig is daar heelwat sulke areas binne 10 meter aan weerskante van die boot. John vang 'n paar reënboogforelle en ek 'n kleintjie wat ons moet teruggooi. My arm is al behoorlik seer gegooi en my knie begin my aanmaan om liewer halt te roep.

Met 'n moeë arm probeer ek so 'n halfmas gooi reg agter die boot vanuit 'n sittende posisie. Dan begin ek stadig die lyn deur my vingers terugwerk boot toe. Skielik pluk 'n vis die lyn amper uit my hand! Ewe rats spring ek op om spanning op die lyn te kry, my seer knie en arm heel vergete! My forel spring drie keer uit die water en laat die katrol behoorlik sing as hy herhaaldelik wegpyl van die boot af. Agt minute later skep John 'n pragtige 5 lb-bruinforel uit die meer. Wat 'n heerlike dag, om nie eens te praat van hoe goed die forel daardie aand gesmaak het nie.

Ná 'n volle vier dae tref die onttrekkingsimptome my weer erg; die vlieghengel se adrenalien het seker uitgewerk. Ek en John gaan kyk een middag gou ietsie by my vriendin Karen op die plaas. Die kykery is natuurlik deur 'n verkyker en teleskoop. Ek sukkel vreeslik om te loop. Arme ou John moet heeltyd vir my wag, maar hy maak of dit niks is nie. Diep ordentlike Kiwi, dié John. Met my twee krukke, gespalkte been en roer oor die rug piekel ek agter John aan teen 'n bult op. Ongelukkig het koeie diep spore in die sagte grond getrap en my krukke sak sowat 15 cm in die grond weg. Boonop bly ek struikel oor die ongelyke sooie waar die beeste gewei het. Ek is gedaan, letterlik pootuit, en my arms lam toe ons bo kom.

Met my twee krukke, gespalkte been en roer oor die rug piekel ek agter John aan teen 'n bult op.

Tikka begin op sy agterpote staan en draf dan so tien tree vorentoe. Daar staar hy intens na iets in die kamp onder ons. John beduie my nader en help my gereedmaak voor ons oor die rand loer. 'n Hele span varke grawe met oorgawe Karen se gras hier op 80 tree voor ons uit. Ek gaan sit met een lang been in die gras en vat dooierus oor my verlengde tweepoot. My asemhaling is glad nie onder beheer nie en die Sako 7mm Rem »

» Mag spring rukkerig rond op een van die groter varke se blad.

Dan klap die skoot en my A-Max slaan in die swart turf vas. Die varke kan nie mooi uitmaak waar die gevaar vandaan kom nie en maal 'n paar oomblikke rond. Een gemmer-en-swart vark steek net lank genoeg vas vir 'n tweede skoot. Dié keer sit ek gemakliker en die 162 grein-projektiel klap teen die sog. Die hele trop verdwyn oor 'n bult met Tikka kort agter hulle. Ek voel nie gemaklik oor die skoot nie, maar toe Tikka agter die bult begin blaf, weet ek my eerste jag op die krukkelys was suksesvol.

'n Week later besef ek dis definitief weer tyd om met my hondjie te gaan stap. Om dinge regverdig te hou, vat ek maar my 7mm saam. Die bestuurdery gaan nou darem al makliker, maar ai, om op twee krukke te loop met 'n redelike swaar geweer en rugsak oor jou skouer is 'n gestoei van die eerste water. Ek loop stadig met die paadjie langs en moet kort-kort stop om die geweer weer reg op my skouer te kry. Sommer vinnig brand my arms in die kruk se handvatsels en ek struikel 'n slag of wat gevaarlik. Die swaar waterstewels waarmee ek jag, help ook nie juis nie.

Ek beplan om 'n hinderlaag op 'n klipperige koppie te gaan opstel vir enige vark of bok wat dit sou oorweeg om teen laaste lig aandete in Karen se agterste weikamp te kom geniet. Om op die paadjie te loop was moeilik, maar om teen die koppie uit te klim is 'n stryd. Bene, arms, krukke, alles wat ek het, word gebruik om teen die skuinste uit te worstel. Bo gekom, is ek sopnat gesweet en my asem jaag soos 'n windhond wat pas 'n jakkals gevang het.

Ek maak my gemaklik tussen die klippe en gras op só 'n manier dat ek nie 'n silhoeët vorm op die kruin van die koppie nie. Die wind kom effe van voor en teen my linkerwang. Nie lank nie of drie jong varke kruip onder die draad deur tot in die kamp. Ek oorweeg dit om een te skiet, maar dit was darem te veel moeite om tot hier te kom en my kanse te verspeel deur 'n varkie plat te trek. Eintlik sit ek heeltemal te lekker in die agtermiddagson om enigsins te skuif.

'n Uur later, en dus kort voor sononder, begin Tikka aandui dat daar iets in die bos voor ons is. Hy snuif die bries diep in en fokus op die bosse links van ons. Ek trek my Sako tot hier teen my dat ek dit net kan optel en skiet. Die brakkie begin saggies grom en toe ek kyk wat pla, sien ek 'n edelhert het vir aandete opgedaag. My Leica-afstandmeter bepaal dat die bok 250 tree van my af is. Ongelukkig steek net sy kop en nek agter die bult uit. Plat op my maag en met die roer gemaklik oor sy tweepoot, druk ek die Zeiss se kruishaar teen die jong bul se nek vas. My A-Max klap duidelik en dan verdwyn die bok.

Oomblikke later galop hy verward om die bult, maar steek vas toe hy vir Tikka gewaar wat reeds halfpad onderweg is na waar hy veronderstel was om te lê. Ek stoot dadelik nog 'n 162 grein A-Max in die loop. Gelukkig is die jong bul en Tikka so besig om mekaar vas in die oë te kyk, soos wat 'n kelpie se manier is, dat hy nie my geskarrel op die koppie opmerk nie. Dié keer is daar nie kans vir platlê en nekskote nie. Ek skiet oor my verlengde tweepoot na die bok se blad op sowat 200 tree. Hy swenk na regs en vorder 20 tree voor hy finaal inmekaarsak.

Tikka is sommer gou by die bul en begin luidrugtig blaf en hom karnuffel om my te vertel waar ons bok is. Wel, hoe sal ek dit nou stel – dit het mý effe langer geneem om by die bok te kom. Koppie-op was moeilik, koppie-af nóg moeiliker, want dis asof ek net nie my balans kon behou nie en die grootste deel van die afdraande het ek op my boude afgeskuifel.



'n Lieflike bruinforel wat Karl in die Otamangakau-meer aan die voet van Tongariroberg gevang het. Die forel het 5 lb geweeg.

By die bok aangeland, begin ek oor my eerste skoot wonder. Die skoot het darem goed gevoel en in die teleskoop het ek my bok sien val. Tikka word die bultjie oor gestuur met 'n "soek-soek" en sowaar, daar blaf hy kort agter die bultjie weer. Ek doen my bes teen die hoogte uit en daar sit die brakkie langs nog 'n morsdooie bul. Ek voel goed oor die 7mm-gaatjie so 4" onder die bul se ken.

My opwinding maak ongelukkig sommer gou plek vir 'n effense bekommernis. Ek kan skaars loop. Die donker is op my en hier het ek twee edelhertbulle 'n stuk of 30 tree van mekaar af. Gelukkig het ek sein en ontbied sommer net daar my ou maat Pottie om te kom help. Hy verstaan dadelik die situasie en gebruik my penarie om hom van 'n funksie in die dorp te verskoon waar hy nie rêrig wou wees nie.

Net toe ek beide die pense uitgehaal het en my vinger geniepsig raakgesny het, sien ek ligte van die dorp se kant af kom. Tien minute later staan Pottie langs my. Hy kon tot redelik naby aan albei bulle ry met my Isuzu, maar selfs vir 'n groot, sterk man soos hy het dit moeilik gegaan om die bulle op te laai. Maar soos die Ingilse sê: *"A friend in need is a friend indeed!"*

Vir my laaste jag op die krukkelys het dr. Francois sommer self kom kyk of ek regkom met my horrelbeentjie so in die veld. Net daar in die veld, langs die vark wat hy platgetrek het, was die bevinding dat jag uitstekende rehabilitasie ná 'n knieoperasie is.

Alhoewel hy my redelik swaar verwond het op die operasietafel, was sy bevinding dat my jaglus glad nog nie oorwonne is nie.




Naam & Van: ______________________ Tel no: ______________

E-pos: ______________________________________

Wat is die Rowland Ward-vereistes vir 'n buffel? ______________________



# DIE .270 WINCHESTER – GESKIK VIR DIE BOSVELD?

***Die bosveldjagter kan met ’n geruste hart daardie groothoringkoedoe met die .270 Winchester gaan aandurf.***

My seun Martin was aan die grootword en ek het besluit om ’n .270 Winchester aan te skaf en hom geleidelik aan die geweer bloot te stel. Tot op daardie stadium het hy onder my toesig rooibokke met ’n .243 geskiet. Kort nadat ek die .270 gekoop het (’n Ruger No. 1B Standard met ’n valblokaksie), het ’n slaghuis my genader om vir hulle drie koedoes, drie blouwildebeeste en drie rooibokke te skiet.

Dit was redelik diep in die jagseisoen, maar ná vele navrae het ek op ’n jagplaas in die Alldays-omgewing plek gekry en besluit om met die .270 te gaan jag. Ek moes die Sondag teen 11:00 daar wees, maar weer teen die komende Woensdagoggend uit wees vir ’n jaggroep met ’n bespreking tot die volgende naweek. Die persoon wat die jag op die plaas hanteer, het gemeen ek hap te groot om in die toelaatbare tyd soveel wild te wil skiet. Ek was egter goed voorbereid en het twee pakkies 180 grein Barnes Original-koeëls saam met die .270 gekoop. Baie medejagters was verbaas dat ’n mens ’n 180 greinkoeël vir hierdie geweer kry. Ek het hulle voor 43 grein S365 gelaai vir ’n spoed van 2 482 vps. Die .270 het akkuraat met hierdie lading geskiet en is op 100 m daarmee ingestel. Hierdie koeël het ’n hoë seksionele digtheid van .335.

Ek het Sondag op die plaas aangekom en moes dadelik my geweer gaan inskiet. Die .270 was in die kol en ek het gereël dat die gids om 5:45 by die kamp moes wees en dat ons te voet die veld sou ingaan. Daardie Maandagoggend het ek en die gids vir 15 minute met ’n




**Die .270 in die artikel met Martin, my seun en eienaar van die geweer, se patroonhouer en 180 grein Barnes-koeëls. Ruger No. 1-modelle is uiters gesog en bekend vir hul puik vakmanskap en sterk aksies.**



Ek en my seun Martin by 'n blouwildebeeskoei wat hy met die .270 gejag het. Die skoot is reg op die blad geplaas en sy het net daar geval. Ek het vroeër die oggend ook 'n blouwildebees met my .30-06 Ruger gejag. Beide het so 105 kg aan die haak gehang.



Een van die min Barnes-koeëls wat ek kon herwin. Hierdie is 'n 150 greinkoeël uit 'n koedoebul wat 200 kg uitgeslag het. Die loopsnelheid was 2 490 vps. Die bul is op 35 meter net agter die blad getref en hy het in sy spore neergeslaan. Drie van die vier "blaartjies" se punte het afgebreek, maar die grootste gedeelte van die drie blare is steeds oor. Die koeël is onder die vel van die teenoorgestelde blad herwin en het 134 grein, oftewel 90.6% geweeg – uitstekende terminale prestasie.

tweespoorpad langs in 'n suidelike rigting gestap. Waar dit skerp in 'n westelike rigting wegdraai, het ons die pad verlaat en het in 'n suidoostelike rigting koers gekies die bos in. Dit was koud en nog betreklik donker. Toe ons 'n taamlike oop veld binnegaan, het ek 'n beweging gewaar. Ek het dadelik die gids tot stilstand gerem en deur die teleskooop gekyk. En so wragtie – daar staan 'n rooibokooi! Sonder enige huiwering het ek haar grond toe gebring.

By die ooi aangekom, het die gids gesê ons kan haar nie daar los nie, want daar is baie jakkalse daardie tyd van die oggend. Ek het dus by die bok gebly terwyl die gids die jagvoertuig gaan haal. Nadat ons my rooibok by die slagkamer afgelaai het, het ons in 'n oostelike rigting gery met die oosterkim wat karmosyn verkleur. Op 'n goeie afstand van die plaasgeboue af het die gids die voertuig uit die pad onder 'n boom tot stilstand gebring. Die oomblik toe ek uitklim, het ek die horings van 'n koedoebul gesien wat waarskynlik die pad sou kruis waarmee ons gery het. Ek het vir die gids beduie om doodstil te wees en nie sy deur toe te maak nie. Ek het my deur ook laat oopstaan en is haastig pad toe. Nes ek verwag het, het die koedoebul in die pad gaan staan. Hy het my egter te laat gewaar en die 180 grein Barnes het hom perfek agter die blad getref, waarna hy op die plek inmekaargesak het. My gids het onmiddellik na die plaaswerkers se huise gery om hulp met die laaiproses te vra. Hulle het skaars opgestaan en moes eers aantrek. 'n Ruk later het hy met die span helpers opgedaag. Nadat die bok gelaai is, het ons verder gestap.

'n Hele ruk later het ek 'n koedoekoei geskiet en die gids het sy baadjie as merker daar gelos. Ons moes nou met 'n draai loop om meer skuins teen die oggendlig uit die ooste te beweeg. Die geluk was aan ons kant en ek het 'n rooibokram, wat doodstil in die son staan en bak, geskiet. Ongeveer 20 minute later het ons op 'n trop rooibokke afgekom en kon ek daarin slaag om nog 'n ram te laat val. Gegewe die aantal bokke wat die oggend geskiet is, het ek eers halt geroep en gereël dat ons weer om 14:00 verder sou jag.

So gesê, so gedaan. Ek en die gids het daardie middag na 'n ander deel van die plaas gery. Tydens die rit het ons koedoes teengekom en gevolg. Hulle was skynbaar onbewus van ons en ná 'n goeie bekruippoging het ek 'n groot koei geskiet. My fokus was nou op die blouwildebeeste wat blykbaar volop in daardie deel voorkom, maar die gids het gesê hy is kapot en wou eers rus.

Ná die welkome blaaskans is ons verder, maar nou in 'n tweespoorpad soos dit tipies op bosveldplase aangetref word. Ons het sommer gou op 'n trop blouwildebeeste afgekom wat rustig onder die koeltebome lê, salig onbewus van ons. Toe 'n mooi uitgegroeide bul opstaan en dwars draai, het my skoot geklap. Ek het besluit dis genoeg vir een dag, want my gids was regtig pootuit.

Vroeg die volgende oggend het ek en die gids koers gekies na waar ons die vorige dag die wildebeeste gekry het. Teen 10:00, ná 'n geswoeg en sweet, het ek 'n blouwildebeeskoei platgetrek en teen 14:00 het 'n tweede blouwildebeeskoei voor die .270 geswig. Nadat ons die laaste blouwildebees gelaai het, het my gids met sy rug teen 'n boom gaan staan, stadig afgesak grond toe en gaan sit. Hy het my op en af gekyk en gesê: "Meneer, ek is bly jy is nie vir 'n week hier nie!"

Dit was my enigste jag met die .270. Toe my seun 14 was, was hy al heel gemaklik met die geweer en het ons twee in die Ellisras-omgewing, nou bekend as Lephalale, gaan jag. Ons gids was al aan die ou kant en het dié oggend met 'n groot verkyker om sy nek by ons opgedaag. Ons is te voet die veld in en 'n ruk later het ek sowat 150 meter van ons af 'n beweging tussen die bome gewaar. Ek het almal dadelik tot stilstand gebring en seker gemaak dat ons goed verskuil is. Toe 'n koedoekoei haar opwagting maak, het ek my seun beveel om oor my skouer dooierus te vat en te skiet. Ek»

» het afgebuk sodat hy die geweer oor my skouer kon laat lê. Die gids wou die stuipe kry en het gesê dit is nie koedoes nie, maar elande. My seun het gehuiwer, maar ek het gesê hy moet skiet. Met die knal van die skoot het die bok grond toe gevou. Die gids was erg omgekrap en het beduie daar is nou groot moeilikheid, want ons mag nie elande op hierdie plaas jag nie. By die "eland" gekom, het ek vir die gids gewys dat 'n elandkoei nie horings het en nie dieselfde ore as 'n koedoe nie, asook dat die nek en lyfprofiel van 'n eland en koedoe verskil. Dit verstom my dat die gids, verkyker en al, nie kon sien dit is 'n koedoekoei nie. Ná my lesing het ek die gids gevra om die verkyker te los, want die ding is getoor! Ek wou nog 'n blouwildebees skiet en nou net sien hy die wildebees vir 'n buffel aan! My woorde moes inslag gevind het, want die volgende oggend het hy sonder sy verkyker opgedaag.

Vanweë die beskikbaarheid van Barnes se monolitiese koeëls, het my seun daarmee begin herlaai. Met 50 grein S365 agter 'n 130 grein Barnes, was die spoed 2 960 vps – ideaal vir langer afstande, maar nie vir bosveldjag nie. Wat toe die nommerpas skoen geword het, was 45 grein S365 agter 'n 150 grein Barnes monolitiese koeël. Dit lewer 'n spoed van 2 640 vps en is baie akkuraat. Dit is effe te vinnig na my sin, maar as 'n ding werk, karring jy nie daaraan nie.

Een jaar het ek en my seun in Dwaalboom se wêreld in 'n baie digte kamp gejag. Die jag het skaars begin, toe skiet ek 'n rooibokooi. Tien minute later het nog 'n rooibokooi geval. Die gids het 'n drahout met sy handbyl gekap en só het ons die twee ooie een vir een uit die kamp gedra. Omdat my seun die oggend met leë hande teruggekeer het, het ons besluit dat hy weer daardie middag in die digte kamp sou gaan jag. Teen 15:00 was hy terug in die kamp nadat hy 'n koedoebul geskiet het wat skaars 35 meter van hom af gestaan het. Die koeël was laag agter die linkerblad in en het in die teenoorgestelde blad onder die vel vasgesteek. Ons kon dit dus herwin. Al die Barnes se "kroonblare" behalwe een het afgebreek. Die kort vlugafstand en hoë spoed was selfs vir die Barnes monolitiese koeël te veel. Volgens my ondervinding kan 'n Barnes se kroonblare binne die eerste 2" van penetrasie afbreek, sou die spoed te hoog wees.

Ek is al 75 en ek en my seun jag al vir jare saam. Só het hy sy koedoes, blouwildebeeste en rooibokke met sy .270 geskiet. Waar ons tans jag, wissel die afstande van 80 tot maksimum 140 meter en al die .270-koeëls is regdeur die bokke wat op die dwarste geskiet is. Die koeël waarmee my seun die koedoe geskiet het, soos reeds beskryf, is die enigste van die .270 wat ooit herwin is. Die enkele keer wat ek met die .270 gejag het, het ook geen herwinde koeël opgelewer nie. My opinie is dat die .270 geskik is om in die bosveld mee te jag. Volgens my behoort die 180 grein Barnes Original-koeël teen sowat 2 430 vps geskiet te word, maar ek sal nie 'n eland daarmee jag nie. Wat ek wel nie oor twyfel nie, is dat 'n Barnes monolitiese koeël wel 'n eland in die slagkamer kan laat beland, maar daar is 'n paar voorwaardes. Sou dit nie 'n kopskoot wees wat met presisie uitgevoer is nie, sal die bok dwars moet staan. Jy sal vertikaal en horisontaal korrek moet skiet om daardie 150 grein Barnes tussen die tweede en derde, of derde en vierde ribbes deur te kry sodat die hart/longarea beskadig word. Wanneer daardie koeël se spoed effens "afgekoel" het na ongeveer 2 380 vps, gaan jy verstom wees oor die penetrasie daarvan.




JAGTER
SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN
HUNTER

# TEKEN NOU IN!

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE JAG- EN SKIETTYDSKRIF!

OOK BESKIKBAAR BY ALLE GROOT KETTINGWINKELS






## TEKEN IN

E-pos: *SAHunter@onthedot.co.za*

WhatsApp: 087-353-1292

## VIR DIGITALE INTEKENAARS

Besoek Zinio of Magzter
en soek SA JAGTER/HUNTER

# Waar kan jy ons vind?

### NUUSBRIEF

Besoek ons webblad *www.sajagterhunter.com* en teken in op ons nuusbrief wat die eerste Donderdag van elke maand uitgaan.

### FACEBOOK

SA JAGTER/HUNTER magazine (@sajagtertydskrif) of sluit aan by ons Facebook-groep by SA JAGTER/HUNTER-Tydskrif/Magazine

### WEBBLAD

Om gratis artikels uit die jongste uitgawe te lees en lekker pryse te wen, besoek SA JAGTER/HUNTER-tydskrif *www.sajagterhunter.com*

Kom kuier saam in

# KARLA SE KOMBUIS



REGS BO: Die perfekte bak wintertrooskos.

HOOFFOTO: Sit die bobotie voor met geelrys, piesangs in mayonnaise en jogurt, kweperblatjang en 'n tamatie-en-uie-sambal.

RESEPTE EN STILERING: Karla Janse van Vuuren

FOTO'S: Gerrie Janse van Vuuren

# Smul heerlik aan 'n WILDSBOBOTIE

*'n Eg Suid-Afrikaanse gereg met 'n wilde kinkel.*






As iemand my vra om een ikoniese Suid-Afrikaanse gereg uit te sonder, sal ek sonder twyfel sê bobotie. Hierdie geurige gereg met sy smullekker kombinasie van speserye, vleis en die soetheid van rosyne en blatjang is al vir dekades 'n gunsteling op ons tafels. Boonop is dit so veelsydig en kan 'n mens bobotie met alles van vis tot volstruis maak. Ek het by die koskenner Errieda du Toit gaan aanklop vir 'n bietjie bobotie-wysheid.

"Bobotie se oorsprong is vol misterie, kinkels en afdraaie. Die invloede kom uit verskillende windrigtings en eras – uit die Ooste en van die antieke Romeine. Dit dra die spore van Kaaps-Maleise voorouers en wys ook familietrekke van boerekos. Dat bobotie in die ou Kaapse kombuise ontstaan het en op die vindingrykheid van slawekokke dui, blyk duidelik uit die heerlike aroma van speserye. Die vla-bolaag, 'n unieke karaktertrek waarsonder dit eenvoudig nie bobotie genoem kan word nie, strek so ver terug as antieke Romeinse tye. Die antieke geskrifte van Apicius vertel van 'n vleisgereg met 'n eiervla-bolaag. Dié gereg het egter dennepitte ingehad, waar ons vandag steeds amandels gebruik," vertel sy.

Bobotie, sê Errieda, het in die Kaap ontstaan as 'n gereg wat van gaar oorskietvleis gemaak is, meer waarskynlik van skaapvleis en selfs vis en skulpvis – wat ook al destyds beskikbaar was. Dit het eers in die 20ste eeu die gebruik geword om rou maalvleis ook te gebruik.

"Oor die oorsprong van die naam word gegis: sommige geskiedskrywers reken dit kom van *bobotok* of *bobotu*, 'n woord vir 'lekkerny' in die Filippynse dialek verwant aan Maleis. Die oorspronklike Kaapse naam vir bobotie het in die vergetelheid versink en vermoedelik het elke huisvrou of kok hul eie naam vir die gereg gehad. Wat ook al die denkrigting oor die ontstaan van bobotie – die gereg staan as 'n simbool van die diepte en diversiteit van ons land se koserfenis. Bobotie kan gekinkel word, aangepas word om in die aksent van elke streek te praat. Dit kan gemoderniseer word, versny word met ander lande se kultuurkos en steeds sal dit onmiskenbaar Suid-Afrikaans bly."

Voordat ek die blesbokmaalvleis wat ek in my vrieskas gehad het, in bobotie omtower het, wou ek eers by Errieda hoor wat sy dink van wildsvleis in dié gereg. "Wildsvleis is baie geskik vir bobotie. Die maer vleis word gekomplementeer deur die byvoegings soos die melk, broodkrummels, speserye en die eiervla bo-op. Omdat wildsvleis maer is, beveel ek egter aan dat jy oorweeg om bietjie skaapvet by te sit, of selfs die wildsvleis te meng met 'n derde beesmaalvleis met 'n hoër vetinhoud. Dieselfde geld as jy volstruismaalvleis gebruik wat 'n maerder vleis is." »

## TROTSE BORG VAN HIERDIE RESEP

KINGS MEAT DELI
CASTLE WALK | LYNNWOOD BRIDGE

# *Wildsvleiswenk van die maand*

Deur Eloff du Toit (mede-eienaar)

## BILTONGWENKE DEEL 4: DROOGPROSES

Die korrekte droogproses vir biltong en droëwors is uiters belangrik. As jy nie die nodige aandag aan hierdie proses gee nie, kan jy maklik die beste voorbereide produk met die lekkerste resep heeltemal bederf. Die doelwit is om van die vog ontslae te raak sodat die produk onder gunstige toestande kan uitdroog.

Dun droëwors moet binne drie dae droog word, anders is die toestande nie reg nie. Dit veroorsaak dat die droëwors suur en galsterig raak en 'n bitter smaak kan ontwikkel. In uiterste gevalle kan dit selfs muf.

Biltong is effe minder sensitief, maar kan wel muf en vrot as die vog nie beheer word nie. Afhangende van die dikte wat biltong gesny is, moet dit binne vyf tot sewe dae droog wees.

'n Sterk genoeg waaier is noodsaaklik sodat dit die vog kan wegwaai. Voldoende spasie tussen die biltongstukke is net so belangrik sodat die vog kan wegbeweeg. 'n Vertrek wat toe staan en keer dat vog ontsnap, sal verhoed dat die biltong of wors reg droog. Vog is die vyand, so maak seker daar is genoegsame lugvloei uit die vertrek of kas waarin die biltong of wors gedroog word. Indien daar vogtige omstandighede heers, is dit noodsaaklik om 'n verwarmer in die vertrek te plaas om die lug te help uitdroog.

Die ander uitdaging is vlieë, veral waar stukke biltong oor mekaar vou of teen mekaar hang. Dit moet ten alle koste vermy word. Hang ook liewer droëwors oor 'n houtstok *(dowel)*, pyp of iets soortgelyks eerder as aan 'n plastiekhakie of draadjie wat kan veroorsaak dat die stuk droëwors daaroor dubbelvou en die twee stukke wors dan aan mekaar raak. Dit vertraag die droogproses en skep klam, gunstige dele vir peste en bakterieë wat die produk gaan bederf.

As jy jou biltong in 'n kamer of kas hang wat nie gaas voor enige openinge het nie, is dit die beste om dit laatmiddag te hang sodat dit oornag kan winddroog raak in die afwesigheid van vlieë.

Ek hou daarvan om my biltong en droëwors in pakke te vakuumverpak en te vries. Só het ek altyd vars voorraad wat ek in 'n vlekvryestaalkas hang. Dit is bestand teen vlieë en ek droog my biltong en wors wanneer die weerstoestande gunstig is. Ek kan dit boonop meer of minder uitdroog volgens elkeen se persoonlike smaak.




CASTLEWALK

Cnr Lois & Nossob Str, Erasmuskloof 0048, PRETORIA,
TEL: 012-347-0115|012-347-0245 EMAIL: *biltong@kingsmeatdeli.co.za*

LYNNWOOD BRIDGE

Lynnwood Bridge, cnr Daventry & Lynnwood Rd, Lynnwood, PRETORIA, TEL NO: 012-348-2189|012-348-0387
EMAIL: *biltong2@kingsmeatdeli.co.za*

*the deli for the connoisseur*

## WILDSBOBOTIE-BYKOSSE

» **Errieda gee die volgende raad oor wat om saam met jou bobotie te bedien:**

- Bykosse wat tradisioneel goed saam met wildspastei gaan, soos geelrys, gestoofde perskes en kweperjellie, pas bobotie ook soos 'n handskoen. Ek bedien bobotie behoorlik met al die ander tooisels ook soos blatjang, die eenvoudige tamatie-en-uieslaaitjie (met net 'n drupsel asyn, sout en peper oor), piesangskyfies deurgemeng met 'n bietjie mayonnaise en natuurlike jogurt, en klapper. Dis ook baie feestelik met poppadums by. Die rys kan ook met roti's vervang word.
- Bobotie en blatjang gaan natuurlik hand aan hand. Die soet, suur en speserynote van blatjang maak dit so ideaal saam met hierdie gereg. Enigiets van kweper- tot jalapeno-blatjang kan werk – bobotjie is juis 'n gereg van vele invloede.
- Nog 'n lekker bykos is kweperskywe. Stowe eers die kwepers net vurksag en braai dan die skywe in botter tot goudbruin. Die aangename soetsuur van kwepers pas baie goed by wildsvleis.
- In die somer maak die winter se gestoofde perskes plek vir nektarien- of geelperskes. Sny die perskes in die helfte, druk dit in bruinsuiker en braai in botter tot goudbruin of karamelliseer dit in 'n riffelpan. Ryp appelkose só gaargemaak sal ook lekker wees saam met wildsbobotie.



### WIE IS ERRIEDA DU TOIT?






Errieda is die skrywer van tien kookboeke, en in die 15 jaar wat sy *Huiskok Glanskok* op RSG aangebied het, het sy 'n bekende stem vir Suid-Afrikaanse huiskos geword. As inhoudsvervaardiger vir TV-produksies soos *Kokkedoor*, die nuwe *Kokkedoor Vuur en Vlam*, asook *MasterChef*, lewer sy 'n groot bydrae om 'n nuwe geslag kokke en sjefs trots te maak op ons Suid-Afrikaanse koserfenis en dit te vernuwe. Sy het die Food XX-toekenning ontvang as Suid-Afrika se kos-ikoon en haar nuutste boek *SHARE (SAAM)* het die *World Gourmand Cookbook*-toekenning ontvang as die beste koserfenis-boek in Afrika. Sy bieg sy kan egter nie hekel, brei of tuinmaak nie. Haar honde, Poerring en Tjoklit, verklap haar liefde vir soetgoed.

## WAT MAAK BOBOTIE SO SPESIAAL?

Volgens Errieda is die smaak van bobotie onmiskenbaar Suid-Afrikaans. "Ek skryf dit toe aan die heerlike balans tussen soet, sout, suur en aromatiese speserye, een van ons erfenis-geurprofiele. Dink aan ons sosatie of sagte Kaapse kerrie wat baie dieselfde 'familietrekke' het. Dis ook so tipies Suid-Afrikaans om vleis en droëvrugte saam te eet (dis een van die eienskappe van bobotie; as jy egter nie hou van rosyne nie, gebruik sultanas). Die vla-laag verleen ekstra weelderigheid aan wat tradisioneel 'n gereg van oorskietvleis was. Dis vir my een van die heilige gebooie van bobotie – dit moet die eiervla bo-op hê, anders is dit net kerriemaalvleis.

"Bobotie is ook vir my een van die mooiste erfenisgeregte denkbaar met sy lieflike eiervla-bo-laag (hier en daar verbruin deur die oond se hitte) en suurlemoenblare wat hier en daar uitloer. Die bykosse gee ook 'n feestelikheid daaraan. As ek dit voorsit, haal ek altyd my erfgoed-breekgoed en -messegoed uit. Ek maak dit ook altyd in 'n erdebak waarin my ma haar bobotie gemaak het. Bobotie is ook so aanpasbaar – hoewel Kaaps van oorsprong, kan dit maklik Kalahari-, Bosveld- of Vrystaat-smake bykry. Dit is ewe lekker gemaak met wildsvleis as met mossels, of met volstruis as met oorskiet-skaapboud. Dit smaak weelderig, maar kan met ekonomiese beesmaalvleis gemaak word. Selfs vegetariërs hoef nie uitgesluit te voel nie, want lensie-bobotie is ewe lekker. Of jy dit oor die vuur, in 'n vuurherd of koolstoof, in 'n lugbraaier of selfs in 'n Instant Pot gaarmaak, dit bly voortleef as 'n erfenisgereg."



# BLESBOKBOBOTIE MET SAMBALS EN GEELRYS

### JY BENODIG:

- olyfolie vir braai
- 2 uie, fyngekap
- 25 ml kerriepoeier
- 5 ml borrie
- 500 g wildsmaalvleis plus 250 g bees- of varkmaalvleis *
- 2 snye witbrood
- 1 eier vir die vleisvulsel
- 10 ml suiker
- 15 ml sout
- 2,5 ml peper
- 30 ml asyn of die sap van 1 suurlemoen
- 6 amandels, grofgekap
- 90 ml ontpitte rosyne of sultanas
- 1 brandrissie, fyngekap (opsioneel)
- 45 ml blatjang
- 4 suurlemoen- of lourierblare of gerasperde skil van 1 suurlemoen

### VIR DIE VLA-BOLAAG:

- 180 ml melk
- 3 eiers
- knippie sout en peper
- varsgerasperde neutmuskaat

Om mee voor te sit: geelrys, tamatie-en-uieslaai, blatjang of kweperjellie, piesangskyfies gemeng met helfte-helfte mayonnaise en jogurt, klapper.

### SÓ MAAK 'N MENS:

1. Voorverhit die oond tot 180 °C. Verhit olyfolie in 'n groot swaarboomkastrol oor matige hitte. Kap uie fyn en braai effens bruin in die warm olie. Voeg die borrie en kerrie by en roer deur tot die speserye geurig is, maar nie brand nie.
2. Voeg die vleis by en roerbraai tot gaar. Oppas dat dit nie aanbrand nie. Verwyder die kastrol van die hitte sodra die vleis gaar is.
3. Week die brood in water vir 5 minute en druk dan die water uit. Maak die brood fyn.
4. Voeg nou die fyngedrukte brood, 1 eier, suiker, sout, peper, asyn (of suurlemoensap), gekapte amandels, rosyne, brandrissie (opsioneel) en blatjang by die uie-en-vleismengsel.



**BO EN ONDER LINKS NA REGS:** Braai die uie in bietjie olyfolie tot sag. Roer die speserye by en braai tot geurig. Voeg die maalvleis by en braai tot gaar. Roer die res van die bestanddele by en braai tot deurgaar en geurig.



**BO:** Skep die vleis in die gesmeerde bak en maak gelyk bo-op.
**ONDER:** Gooi die eiervla versigtig bo-oor en druk die lourierblare in.



5. Plaas in 'n gesmeerde, vuurvaste bakskottel. Rol die suurlemoen- of lourierblare op en steek hulle in die mengsel sodat hulle regop staan.
6. Klits die eiers, melk, neutmuskaat, sout en peper saam vir die eiervla. Giet versigtig oor die vleis en bak tot die eiervla gestol is en plek-plek verbruin, sowat 25 tot 30 minute.
7. Sit die bobotie saam met die bykosse voor.

*Wenk: Jy kan ook 750 g wildsvleis, wat van die been afgekook, gerafel en gekap is, in die bobotie gebruik. Dis 'n lekker manier om oorskietvleis op te gebruik. As jy net gemaalde wildsvleis wil gebruik, voeg 'n bietjie gemaalde skaap- of varkvet by om die vleis meer sappig te maak. Braai dit liggies saam met die uie. Jy kan ook die vleis rou by die ander bestanddele voeg sonder om dit eers te braai, maar dan moet die bobotie altesaam ongeveer 90 minute bak.

SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

KONTAKINLIGTING/CONTACT INFORMATION: SAJWV - Inyathipark | SAHGCA - Inyathi Park
ADRES/ADDRESS: Plot 3, Mountain Drive 7, Derdepoort, Suid-Afrika/South Africa
TELEFOON/TELEPHONE: (Suid-Afrika/South Africa) 0861 SAHUNT (724 868) | Internasionaal/ International: +27 (0) 12 808-9300
E-POS/E-MAIL: *admin@sahunt.co.za* | WEBTUISTE/ WEBSITE: *www.sahunters.co.za*

# JAG EN BEWARING – KEN DIE FEITE



Jag in al sy fasette is toenemend onder druk. Elke verantwoordelike jagter kan 'n bydrae lewer om die feite rondom die waarde van jag te ken en te kommunikeer, of dit nou langs die braaivleisvuur is saam met vriende, by 'n sportbyeenkoms, of op sosiale media.

Ekstreme diereregte-organisasies, oningeligte regeringsamptenare en politici dryf persoonlike en politieke agendas sonder sinvolle bewaringsbeginsels wat die voortbestaan van jag bedreig. Daarmee saam raak die algemene publiek al meer uit voeling met die natuur en vervaag die realiteit dat 'n dier doodgaan sodat ons kan lewe. Dit geld ook vir vegetariërs wat dikwels die impak van hul leefwyse op die oorlewing van diere ignoreer, soos die vernietiging van habitat vir die aanplant van "groen kos" wat aan iemand anders uitgekontrakteur word.

### WAT WORD MET DIE WOORD "JAG" BEDOEL?

Jag is wanneer 'n jagter haar/sy vernuf en kennis van die natuur en prooi aanwend om 'n wilde dier en/of voël wat aangepas is by hul omgewing, te soek, te agtervolg en op 'n verantwoordelike en wettige wyse dood te maak. Die doodmaak van die dier is nie 'n uitgemaakte saak nie, aangesien die jagter nie altyd suksesvol is nie omdat die prooi die jagter kan ontglip of uitoorlê, of die omstandighede nie gunstig is vir 'n eenskootdoodskoot nie.

Oes verwys na die georganiseerde uitskiet van diere wat nie noodwendig 'n regverdige kans het om weg te kom nie, soos byvoorbeeld die skiet van 'n trop wild in die nag met ligte as deel van wildbestuur. Die doel is om diere so vinnig en effektief moontlik met die minste stres van kant te maak.

### MOET ONS NA "TROFEEJAG" VERWYS?

Die woord "trofeejag" kan 'n wanindruk skep oor die redes hoekom mense jag. Die algemene persepsie onder onkundiges is dat die doel van trofeejag net is om 'n trofee teen 'n muur te kan hang en dat die vleis nie benut word nie. Die wanopvatting oor die term "trofeejag" word verder deur ekstreme diereregtegroepe gebruik om jag en jagters in 'n baie slegte lig te stel as mense wat hul ego's moet streel deur onskuldige diere te dood bloot om hul trofee teen 'n muur op te hang. Navorsing bevestig egter dat mense om verskeie redes jag en dat die redes op verskillende maniere uitdrukking vind gedurende elke jagervaring. Jagters gaan dikwels uit met die doel om in die natuur te wees en gesonde proteïne vir die gesin te bekom, maar hou ook die bok se horings as 'n aandenking van die jagervaring, terwyl die vleis van 'n dier met trofeehorings ook benut word, al is dit nie deur die jagter self nie. Die lyn tussen trofee- en verbruiksjag is dus in baie gevalle vaag. Dit is hoog tyd om die term "trofeejag" te vervang en eerder te verwys na plaaslike jagters, internasionale jagters en beroepsjagters. Dit is ook in lyn met internasionale tendense.

**IMPAK VAN JAGTERS (1845-1878)**

- **1845:** Uitvoer van wildleweprodukte – 'n kwart van alle uitvoere van Natal
- **1846:** William Cotton Oswell skiet 89 renosters
- **1850:** Charles Anderson skiet 60 renosters (8 in 5 ure)
- **1855:** Uitvoer van ±90 000 kg ivoor van Transvaal, die ekwivalent van 2 500 olifante
- **1860:** Prins Alfred en jaggeselskap skiet 6 000 stuks wild op een dag
- **1866:** Uitvoer van 152 000 blesbok- en wildebeesvelle
- **1878:** Van Zyl en jaggeselskap skiet 104 olifante op een dag

**IS JAG BEWARING?**

Oordeelkundige jag dra by tot bewaring. Dit is onoordeelkundige benutting van wild (jag en oes) wat wildgetalle in die natuur drasties kan verminder en spesies kan uitwis. Plaaslike en internasionale jagters se onoordeelkundige jagpraktyke vroeg in die 19de eeu het wild op groot skaal uitgeroei.

Met die stigting van Sabi- en Shingwedzi-reservate tussen 1898 en 1903, wat later die Nasionale Krugerwildtuin geword het, was slegs vyf kameelperde, vyf tsessebes, agt buffels, 12 swartwitpense, 15 seekoeie, 35 koedoes, 40 blouwildebeeste en 100 waterbokke aangeteken.

**HET JAGTERS AL DIE WILD UITGEROEI?**

Beslis nie. Vanweë beperkte kennis rakende die beheer van veesiektes, het die owerheid alle jagbeperkings opgeskort toe runderpes in 1896 grootskaalse vrektes onder vee veroorsaak het. Wild is voor die voet geskiet. Tussen 1916 en 1929 is daar ook goedkeuring gegee om wild uit te roei omdat dié diere verkeerdelik as draers van tsetsevlieë beskou is. In Zululand alleen is 138 000 diere van kant gemaak.

Gedurende die oorloë in Suidelike Afrika in die laat 19de en vroeë 20ste eeu, is duisende kilometer lemmetjiesdraad gespan wat die beweging van wildpopulasies beperk het en tot baie diere se dood gelei het. Wild is ook as rantsoene geskiet vir ongeveer 56 000 soldate en landelike gemeenskappe. Dieselfde gebeur in hedendaagse konfliktgeteisterde gebiede in Afrika.

**DRA JAG TANS TOT UITWISSING VAN WILDSPESIES BY?**

Ons grondwet maak voorsiening vir die volhoubare en verantwoordelike benutting van ons biodiversiteit. Dit is jagters se verantwoordelikheid om oordeelkundig te jag sodat dit nie spesies se voortbestaan benadeel nie.

Internasionale konvensies soos die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) het wetenskaplike prosesse wat die impak van bestuurspraktyke en benutting, waaronder jag, op die oorlewing van bedreigde spesies bepaal. Volgens die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) word geen bedreigde spesie in Suid-Afrika deur wettige, gereguleerde jagpraktyke benadeel nie. Volgens die Internasionale Unie vir Natuurbewaring (IUCN) se Rooidatalys van Bedreigde Spesies (die wêreldbekende gesag oor die bewaringstatus van die wêreld se wilde spesies), hou jag ook nie 'n internasionale bedreiging vir enige spesie in nie.

Die impak van jag moet deurlopend gemonitor word om te verseker dat die benutting van wild verantwoordelik en volhoubaar is en nie 'n negatiewe impak op die voortbestaan van enige spesies het nie.

***Kan jag 'n positiewe bydrae tot bewaring lewer?***

Daar is voldoende bewyse dat verantwoordelike jag direk en indirek tot bewaring bydra.

***Finansier habitatbewaring***

Volhoubare jag, waar jagters betaal om te jag op 'n plaas wat volgens goeie ekologiese beginsels bestuur word, verseker 'n volhoubare inkomste vir die bewaring van vrylopende wildbevolkings en hul natuurlike habitatte. Tussen 40 en 60% van die koste van 'n jag gaan direk vir die dier wat gejag word en dien dus as aansporing vir die bewaring van die populasie, asook die behoud van ander spesies wat in die gebied voorkom wat nie noodwendig inkomste kan genereer nie. Navorsing bevestig verder dat jag 'n belangrike inkomstestroom is vir ongeveer 50% van die sowat 17 miljoen hektaar private wildlewegebiede, waarvan 30% hoofsaaklik afhanklik is van die inkomste uit jagpraktyke. Tydens die Covid-pandemie was dit te danke aan plaaslike jagters dat verskeie wildlewegebiede kon oorleef.

Jag en jagters dra dus grootliks by tot die bewaring van vrylopende wildbevolkings en hul habitatte wat privaat of deur gemeenskappe bestuur word. Hierdie areas beslaan meer as dubbel die oppervlakte van alle staatsbeheerde reservate en parke in die land. Nuwe navorsing bevestig dat 'n groot persentasie van hierdie staatsreservate ondoeltreffend bestuur word en dat hulpbronne uiters beperk is. As dit nie was vir privaat bestuurde wildlewegebiede se bydrae tot bewaring nie, sou verskeie spesies, waaronder renosters, baie slegter daaraan toe gewees het.

In sub-Sahara-Afrika beslaan jagbestemmings minstens 1 394 000 km$^2$, wat meer natuurlike habitat bewaar as al die nasionale parke in dieselfde gebied. Groot dele van hierdie jagbestemmings in Afrika is ongeskik vir alternatiewe natuurlewe-gebaseerde grondgebruike.

***Gee waarde aan wild***

Devaluasie van die natuurlewe is die grootste bedreiging vir wild. Ons moet die benutting van wild en verwante aktiwiteite sodanig rasionaliseer dat dit die ekonomiese potensiaal van wild verbeter en bewaring aanmoedig. Bewaring en wildlewebestuur moet as lewensvatbare grondgebruike kan meeding, anders sal die grond gebruik word vir iets anders wat meer lewensvatbaar is vir die grondeienaar of waaraan hy/sy meer waarde heg.

Dit word duidelik gedemonstreer deur 'n onlangse studie in Kenia wat aandui dat wildgetalle tussen 1977 en 2016 met gemiddeld 68% afgeneem het. Afgesien van fotografie-toerisme, word wild in Kenia nie benut nie. Net soos wild, het die beesgetalle afgeneem (25,2%), terwyl die aantal skape en bokke (76,3%), kamele (13,1%) en donkies (6,7%) in dieselfde periode toegeneem het. In 2011-2013 was die veebiomassa 8,1 keer groter as dié van wild vergeleke met 3,5 keer in 1977-1980. Beeste word vir kulturele redes nie deur die Masai vir vleis benut nie. Die ander spesies waarvan die getalle toegeneem het, word egter benut en gevolglik word meer waarde aan hulle geheg, wat tot die afname in wild gelei het. »



» In Suidelike Afrika is wildgetalle gesonder omdat wild waarde het en volhoubare benutting ondersteun word (sien grafiek "*Regional Population Numbers*" op vorige bladsy).

***Jag kan voordelig wees vir die bestuur van bedreigde spesies***

Die oordeelkundige jag van 'n klein aantal spesifieke manlike diere verbeter die bevolkingsdemografie van populasies, bevorder die uitbreiding van verspreidingsareas en finansier sosio-ekonomiese ontwikkeling wat bewaring kan bevorder. 'n Gevallestudie onder swart- en witrenosters in Suid-Afrika, waar stryd om dominansie tussen manlike diere soms tot die dood van manlike en vroulike diere lei, bevestig bogenoemde. Lees meer hieroor by *https://www.researchgate.net/publication/358980880*

***Bestuursinstrument***

Tesame met oes- en vang-en-verskuif-operasies, is jag 'n bestuurstrategie wat wildgetalle kan help beheer en bydra tot grondbewaring omdat dit benutting bestuur.

***Bevorder verdraagsaamheid teenoor roofdiere en probleemdiere***

Landelike bevolkings in gebiede wat aan wildtuine en reservate grens, is veral kwesbaar vir die impak van wilde diere wat vee vang of ander skade aanrig. Dit geld egter ook vir spesies soos luiperds wat vrylopend in die natuur voorkom en skade vir onder andere veeboere kan veroorsaak.

Daar is talle voorbeelde in Afrika waar gasheergemeenskappe inkomste genereer uit ekotoerisme of die jag van roof- en probleemdiere op volhoubare wyse. Dit help met vergoeding vir die skade wat gely word en verhoog sodoende gasheergemeenskappe se verdraagsaamheid teenoor probleemdiere, wat tot hul bewaring op lang termyn bydra. Swak bestuurde jagpraktyke kan egter die potensiële bydrae tot bewaring ondermyn.

***Bekamp stroping***

Stropers wat diere- en plantlewe onbeheersd plunder, rig groot skade aan. As die waarde van wild egter verstaan word, dra grondeienaars en gemeenskappe by om stropery te bekamp. 'n Gestroopte buffel is kos vir 'n paar dae, maar as deel van die wildlewe-ekonomie kan die potensiële waarde van 'n buffel wat vir vleis (R10 000) of as 'n trofee (R350 000) gejag word, as aansporing dien om die diere oordeelkundig en volhoubaar te bestuur en te benut.

**KAN FOTOGRAFIE-TOERISME DIE INKOMSTE UIT JAG VERVANG?**

Meestal nie. Fotografie-safari's vereis gewoonlik ongerepte gebiede met uitsonderlike besienswaardighede en lae veiligheids- en gesondheidsrisiko's. Die meeste jagbestemmings voldoen nie hieraan nie, soos byvoorbeeld struikmopanieveld of 'n tsetsevlieg-gebied, of areas waar die koste vir die oprigting van infrastruktuur vir lewensvatbare fotografie-toerisme eenvoudig net te duur is. Een studie bevestig dat slegs 5% van wildplase fotografie-toerisme as 'n lonende inkomstestroom bedryf.

Diereregte-aktiviste se argumente dat fotografie-toerisme 'n kleiner impak op die omgewing het as jag, het geen feitelike grondslag nie. Beide fotografie en jag het 'n invloed op natuurlike hulpbronne. In 2016 het 46 jagters 61% van die inkomste vir Timbavati gegenereer, terwyl 24 000 fotografie-toeriste slegs 17% van die inkomste ingebring het. Die omgewingsvoetspoor van 24 000 toeriste is aansienlik groter as dié van 46 jagters ten opsigte van waterverbruik, koolstofemissie, rommel en habitatvernietiging, byvoorbeeld padinfrastruktuur. In 2018 het beter bestuursmeganismes die wanbalans in die impak tussen jag en fotografie-toerisme verbeter. Beide benuttingsopsies kan individueel of gesamentlik inkomste genereer mits dit volhoubaar en verantwoordelik bestuur word. Die omgewing en bestuursdoelwitte bepaal wat die mees geskikte opsie behoort te wees.

**SLOTSOM**

Ondermyning van die waarde en lewensvatbaarheid van die jagbedryf bemoeilik regerings, grondeienaars en plaaslike gemeenskappe se pogings om lewensvatbare wildlewe-ondernemings te bestuur wat groot gebiede natuurlike habitat beskerm en 'n wesenlike bydrae tot die bewaring van Suid-Afrika se biodiversiteit kan maak. Hierdie areas en die waardekettings wat met die wildlewe-ekonomie geassosieer word, dra ook by tot volhoubare landelike ontwikkeling, die verligting van armoede en voedselsekuriteit. Sonder verantwoordelike jag as 'n integrale deel van die wildlewe-ekonomie, sal hierdie bydrae nie moontlik wees nie.



BARNES®
BULLETS & AMMO

MADE IN UTAH

# NOW AVAILABLE

VOR-TX RIFLE / VOR-TX HANDGUN / TAC-XPD HANDGUN

DIVERSE CALIBER RANGE




BARNES®
MADE IN UTAH USA

PROUDLY DISTRIBUTED BY DELTA FIREARMS
WWW.DELTAFIREARMS.CO.ZA

DELTA FIREARMS

**PLEASE NOTE:** The advertisement for products may contain images that differ from the actual product. Delta Firearms (Pty) Ltd. is a licensed, registered firearms distributor that only supplies goods to retailers and wholesalers. For more information related to the product, please contact your local licensed gun dealer.

# BOKSPOG

***Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org***

## WENPRYS

**GEBORG DEUR:**

***Stevenson Hamilton***

**Die wenner van hierdie maand se Bokspog, Jaco Pretorius, wen 'n produk beskikbaar op Stevenson Hamilton se webtuiste *www.stevenson-hamilton.co.za* ter waarde van R800. Baie geluk, Jaco! Om jou prys te eis, stuur 'n e-pos na: *admin@promark.co.za***



**ANDRÉ POTGIETER, Newcastle, KwaZulu-Natal.** Blesbok, Remington, 6.5 Creedmoor, 140 grein Lapua, 276 meter.



**WENFOTO**

**JACO PRETORIUS Alldays, Limpopo.** Waterbok, Vektor, .30-06 Sprg, 178 grein Hornady ELD-X, 180 meter.



**TOMMIE VELDMAN, Steynsburg, Oos-Kaap.** Rooiribbokram, Weatherby, .25-06 Remington, 110 grein Hornady InterBond, 210 meter.



**JAMES YOUNG, Brits, Noordwes.** Sebra, Musgrave, .30-06 Sprg, 165 grein Norma, 90 meter.



**MATTHYS LE ROUX, Pongola, KwaZulu-Natal.** Blouwildebees, Steyr Mannlicher, 6,5x54, 160 grein Hornady InterLock, 100 meter.



**BRANDON JERLING, Leeupoort, Limpopo.** Rooibok, .375 H&H, 300 grein Barnes TSX ,100 meter.



**CHRIS VAN DER HEEVER, Mookgophong, Limpopo.** Blouwildebees, Winchester, .375 H&H, 300 grein PMP, 120 meter.



**FRANK SCHEEPERS, Schweizer-Reneke, Noordwes.** Gemsbok, Truvelo, .270 Win, 130 grein Nosler Ballistic Tip, 200 meter.



**JOHN MATOLLA, Willowmore, Oos-Kaap.** Blouwildebees, Musgrave, .30-06 Sprg, 165 grein Sierra GameKing, 190 meter.



**ANDRÉ VAN WYK, Brits, Noordwes.** Kameelperd, Hoyt Nitrum Turbo, 74 pond, 845-grein pylgewig, 300 grein VPA Penetrator-pylpunt, 25 meter.

## VEREISTES VIR BOKSPOG-FOTO'S

**SA JAGTER/HUNTER publiseer geen foto's van die volgende nie:**

- **Kinders jonger as 10 jaar oud.**
- **Oormatige bloed op bokke of op die grond.**
- **Jagters met bloedbesmeerde gesigte.**
- **Jagters wat bo-op 'n gejagte dier sit of handgebare toon – dis oneerbiedig teenoor die dier.**
- **Foto's met "plakkate" waarop die jagafstand verskyn.**
- **Foto's waarop drank verskyn.**
- **Foto's waarvan die resolusie/kwaliteit onvoldoende is. Foto's moet verkieslik 1 MB groot wees. (Stel jou kamera op die hoogste resolusie/fotogrootte.)**
- **Enige foto wat jag in die oë van die algemene publiek in 'n swak lig sal stel.**

**Jou foto moet vergesel word van die volgende inligting in hierdie spesifieke volgorde: Jagter se naam en van; naaste dorp/stad; provinsie; spesie gejag; geweerfabrikaat; geweerkaliber; koeëlgewig in grein; koeël se maak; jagafstand. Uit die aard van die saak ontvang ons maandeliks baie meer inskrywings as waarvoor ons spasie het. Wees dus asseblief geduldig indien jou foto nie dadelik geplaas word nie. Stuur jou jagfoto's na: *bokspog@sahunter.org***





**LINKS: Ek en my leeuwyfie. Ek sou nooit kon dink dat ek eendag 'n leeu met 'n Martini-Henry sou jag nie! REGS: Kobus met sy leeu.**

# LEEUJAG MET 'N MARTINI-HENRY



**Cloete en sy spoorsnyer op my wyfie se spoor.**

*Om 'n leeuwyfie met 'n Martini-Henry aan te durf sit nie in enige man se pype nie.*

Sowat 25 jaar gelede het my vriend Kobus de Villiers my gekontak en gesê hy hoor ek wil graag 'n vlakvark skiet. Hy het my net daar vir 'n vlakvarkjag genooi. Natuurlik was ek opgewonde, maar die kinkel in die kabel was dat ek die vark met een van Kobus se Martini-Henry-gewere moes skiet. Dit is hier waar ek die eerste keer met die Martini-Henry en die reuk van swartkruit kennis gemaak het.

My eerste ervaring met die .450 Martini-Henry was besonders en ek het gou vir my ook een aangeskaf. Wat ek die meeste geniet, is dat elke patroon afsonderlik met die hand voorberei word. Eerstens, die voorbereiding van die doppe, vervanging van die slagdoppie, giet van die koeëls en afmeet van die kruit. Daarna word alles bymekaargevoeg vir 'n perfekte patroon. Wanneer jy klaar geskiet het, moet die geweer met die nodige sorg skoongemaak en geolie word sodat die swartkruitresidu nie die loop beskadig nie.

Met daardie eerste jag het ek darem 'n skoot op 'n vark gewaag, maar die oomblik was te groot en ek kon so deur die rook sien hoe ek die hele vark mis. Die spreekwoordelike koeël was egter reeds deur die kerk en ek het sommer geweet met dié geweer gaan ek nog lekker jag. Waar ek oor die jare gewoond geraak het daaraan om op redelike afstande met 'n teleskoop wild voor te sit (vlaktejag), moes ek weer leer loop-en-bekruip om naby aan my bok te kom. Soos in my kinderdae, was ek weer terug in die veld met my oopvisiergeweer. Hier het ek weer die veld herontdek, die klein dingetjies waargeneem en ook geleer om weer 'n slag lekker te ontspan.

Só het dit gekom dat ons jaarliks vir drie dae in die veld gaan tent opslaan het. Almal was welkom om saam te jag, solank jy met 'n swartkruitgeweer daar opdaag, hetsy 'n Martini of 'n voorlaaier. Gedurende dié tydperk het ek twee springbokke, 'n gemsbok en 'n vlakvark met my Martini geskiet.

In 2017 het Kobus my een aand langs 'n braaivleisvuur gevra of ons nie moet gaan leeus jag nie. My onmiddellike reaksie was NEE! Ek het al so baie gedroom 'n leeu jaag my, maar het gelukkig nog elke keer betyds wakker geskrik. Omdat Kobus 'n ervare jagter is en my goed ken, het hy geweet die saadjie is geplant. Met die volgende kuier wou hy weer weet of ek al oor die saak gedink het. Hy het my ook laat verstaan dat dit nie so gevaarlik is as wat ek dink nie. Soos die gesprek vorder, het ek begin dink dit sou lekker wees. Daar vra ek toe vir hom sekerlik die domste vraag onder die son: "Dink jy die .270 sal die ding doen?" Hy het net glimlaggend na my gekyk en gesê: "Nee, 'n .450 sal die ding doen – ons noem hom 'n Martini-Henry!" Ek kon nie glo hy was ernstig nie, maar sy oë het 'n ander storie vertel. Ek moes mooi hieroor besin, want om met 'n oopvisiergeweer te voet 'n gedierte in te loop, was nog nooit deel van my verwysingsraamwerk nie. Ek wil ook noem dat ek geen twyfel aan die geweer se vermoë gehad het nie, maar eerder aan my eie vermoë. Die saadjie wat geplant is, het gegroei en ek het al hoe gemakliker met die idee geraak. En toe is die besluit uiteindelik geneem: Ons gaan elkeen 'n leeuwyfie met die Martini-Henry jag!

Begin Augustus 2020 het ek 'n WhatsApp van Kobus ontvang met 'n advertensie vir 'n leeujag in Vorstershoop bo in Noordwesprovinsie. Die oomblik van waarheid het aangebreek en daar was geen omdraaikans nie – dit was nou of nooit. Ek het Kobus gebel en ons het 'n datum vasgemaak.

Ons het duim vasgehou dat die Covid-grendeltyd teen einde Augustus opgehef sou word, want ons jagtog sou van 31 Augustus tot 2 September duur.

Die voorbereiding vir hierdie jag was in volle gang. Ons het koeëls gegiet, doppies skoongemaak, slagdoppies ingesit en patrone gemaak. Daarna was dit skietbaan toe waar die nodige verstellings aan die korrel en visier gemaak is, want ek het lanklaas met die ou Martini geskiet. Ek het op 80, 50 en 30 meter geoefen. Die proses van nuwe patrone maak, is herhaal en daarna is ek weer skietbaan toe. Ek het die geweer deeglik skoongemaak, veral die loop, want swartkruit is nie 'n man se maat as jy dit in die loop los nie. Daarna het ek alles sommer lekker geolie.»



Ons gewere.



Ek giet koeëls ter voorbereiding vir die jag.

» Met die opheffing van die grendeltyd het ek Vrydag 28 Augustus uit Jeffreysbaai vertrek en die lang pad na die Noorde aangedurf. Vrydagaand het ek by my vriend Kobus op die plaas in Petrusville aangekom. Saterdag het ons fluks nuwe koeëls gegiet, doppe skoongemaak en weer slagdoppies ingesit vir nuwe patrone waarmee ons daardie oggend ons finale inoefening sou doen. Ons het op 'n leeuteiken geskiet om seker te maak ons tref die regte area vir die doodskoot. Die gewere is weer mooi skoongemaak en alles is geolie. Daarna is alles netjies ingepak vir ons reis na die Noorde.

Sondagoggend is die bakkie gepak vir die lang tog. Ons het nie ons vroue gegroet nie, want hulle sou saamgaan! Almal was lank genoeg ingehok weens die coronavirus en het daarna gesmag om 'n slag weg te breek. Ons roete sou ons neem deur Kimberley, Jan Kempdorp, Taung en Vryburg, waar ons 'n smaaklike middagete geniet het. Op die volgende dorp, Vorstershoop, het ons die bakkie se neus na Afri-Sun gedraai, ons eindbestemming.

Met ons aankoms laatmiddag by Afri-Sun het die professionele jagter Cloete Hepburn en sy vrou Stienie ons hartlik verwelkom. Ons het aandagtig sit en luister wat van ons verwag word en hoe die volgende paar dae sou verloop. Ek kon duidelik voel hoe die adrenalien, tesame met die senuwees, begin opbou! Ons kon darem die aand geniet om 'n hardekool-kampvuur met 'n lekker staanribbetjie. Hoe later dit geraak het, hoe stiller het ons geword. Wat 'n voorreg om weer in die natuur na die hemel met al sy sterre te kon kyk sonder enige geraas.

Maandag was D-dag. Daar is vroegoggend reeds gewerskaf om koffie te maak en al die gewere en patrone na te gaan om te verseker alles is nog in orde. Toe Cloete en Stienie opdaag, was ons slaggereed vir die dag wat voorlê. Ons is eers skietbaan toe om te bewys dat ons



Ons eerste aand om die kampvuur by Afri-Sun.

oor die nodige skietvernuf beskik. Groot was hul verbasing toe hulle ons gewere sien. Hulle was nog nooit op 'n jagtog waar Martini-Henry-gewere gebruik word nie, veral nie op leeus nie! Nadat hulle die gewere met groot belangstelling bekyk het en 'n paar vrae gevra het, het ons die toets geslaag deur die kol mooi te tref. Hulle was tevrede dat ons gereed was vir wat voorlê.

Ons het die kamp van 2 500 ha net ná 8:00 binnegery en die soektog na die leeus begin. Sommer gou het ons twee leeuwyfies gewaar wat blitsvinnig buite sig verdwyn het en dadelik die spoor begin volg. Die spoorsnyer het voor geloop, gevolg deur Cloete, dan ek, Kobus en die ander professionele jagter. Ek kon voel hoe die adrenalien sterk deur my are pomp en my senuwees was snaarstyf gespan. Die veld was ruig en die leeuwyfie kon enige plek wees...

Ná 'n goeie uur en 'n half se stap, het die groot oomblik aangebreek. Cloete het beduie dat die leeuwyfie voor ons was. Alles het nou baie vinnig gebeur. Ek moes links van Cloete beweeg en ons het versigtig nader gesluip totdat die leeuwyfie onder die boom, sowat 30 meter van ons af, duidelik sigbaar was vir 'n goeie skoot.

Ek het nie eens die mikstok gebruik nie, maar sommer so uit die vuis my eerste skoot geskiet. Die leeuwyfie het brullend opgespring! Deur die gebrul het ek nog twee skote gevuur. Daarna het alles stil geraak ... Ná 'n paar oomblikke se wag het ons stadig vorentoe gestap en haar aangetref waar sy onder die boom lê. Wat 'n pragtige dier! Ons het foto's geneem en haar toe opgelaai en by die lodge gaan aflaai. Ek was bly dat my vrou die geleentheid saam met my kon geniet, al was sy nie saam veld toe nie.

Nadat ons die innerlike versterk het, is ons weer 12:00 veld toe sodat Kobus sy leeuwyfie kon jag. Ons het leeuspore teengekom, van die bakkie afgeklim en te voet verder spoorgesny.

Ek was heel kalm, want al die druk was nou van my af. Ongeveer twee ure later het ons nog 'n leeuwyfie ingeloop. Kobus het sy kans baie goed benut en teen 15:00 was ons terug by die lodge met ons tweede leeuwyfie.

Hierdie leeujag was werklik 'n ongelooflike ervaring en iets wat vir baie net een keer in 'n leeftyd beskore is.

Dit is voorwaar goeie herinneringe vir eendag se oudag se stoepsit.


Grondpad Vellies

JAGTER SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN HUNTER

WEN WEN WEN!!!

MET GRONDPAD EN SA JAGTER/HUNTER

SMS "GRONDPAD" MET JOU E-POSADRES NA 31370

en staan 'n kans om Army-vellies, 'n grondpad-mes en kamaste ter waarde van R2 300 te wen!

*SMS kos R1,50. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word. Volledige bepalings en voorwaardes is beskikbaar op ons webwerf by https://www.sajagterhunter.com/wen/termes_en_voorwaardes*

En meer om te wen!

Vyf stelle ekstra kamaste of messe is te wen vir vyf addisonele wenners!







WIN WIN WIN!!!

WITH GRONDPAD AND SA JAGTER/HUNTER

SMS "GRONDPAD" WITH YOUR E-MAIL ADDRESS TO 31370




and stand a chance to win Army vellies, a Grondpad knife and puttees to the value of R2 300!

*SMS costs R1,50. The winner will be notified telephonically. Full terms and conditions are available on our website at https://www.sajagterhunter.com/wen/termes_en_voorwaardes*

SMS 31370

And more to win!

Five extra knives or ankle puttees are up for grabs for an additional five winners!

I received an email from Piet, based in London, saying the following: "I have been offered three days of stag stalking at Achnacarry in October 2022. It would be wonderful if you could join." To paint the picture, Achnacarry is a 70 000-acre estate situated around Loch Arkaig in the Scottish Highlands. How do you say no to that? You don't – you check your passport validity!

Piet had previously invited me to join them on a hunt at Corrour Estate, and it was a wonderful experience. Due to management practices at Corrour, the stag population was reduced, and Piet had to find another



Wayne, Charles, Sean, Piet, myself and James. As a group, we have hunted together in the past. This was our first hunt together at Achnacarry. It was great to be back together in the Scottish Highlands!

# HUNTING THE SCOTTISH HIGHLANDS

*An unforgettable stag hunt with a bunch of tough Scotsmen.*



The breathtaking view from the top of a mountain. The valleys in which we hunted are pristine natural environments and a testament to the conservation efforts by the estate.



Wayne's stag on the last day. It was a fantastic last-day hunt with him. We finished on a high note, high up in the mountains.



Posing with my magnificent stag. We approached the animal from across the valley. It is deceptively steep and very difficult terrain to hunt in.

Highland stalk. Now, you don't just phone a large estate and book a hunt. These estates have clients who often go back more than 20 years. To get *offered* hunting days in stag season takes effort. Piet was referred to Achnacarry by the head stalker from Corrour. Piet then wrote a letter to Alex, the head stalker at Achnacarry, and was subsequently invited for a hind stalk. During this hind stalk, Piet and his brother Sakkie got to meet Alex and were effectively *interviewed*. This hunt was followed up by another invite for a hind stalk, during which Alex started opening discussions. From these discussions, a three-day stag stalk was offered to Piet.

To provide some history, Achnacarry is the seat of the chiefs of Clan Cameron, and the Achnacarry Estate has been in the Cameron family since 1655. The chief of the clan is known as Cameron of Lochiel. The current chief is Donald Angus Cameron, 27th chief, who is Lord Lieutenant of Invernessshire. In addition to this, Alex is a fifth-generation head stalker at Achnacarry. It is history which is difficult for us South Africans to comprehend.

Back to the hunt… Piet started getting the team together, consisting of Wayne, Charles, Sean, Piet, James and me. Wayne and I are both from South Africa, and Piet and I have had the privilege of hunting on Wayne's farm in Steytlerville. I also had the privilege of hunting with both Sean and Charles in the past and was looking forward to seeing them again. I had not met James before, but Piet mentioned that he was a crack shot with decent gun knowledge.

My wife accompanied me on this trip. We flew to Inverness and stayed in the beautiful town of Pitlochry for a few days. I do need to mention that Pitlochry is very close to the House of Bruar. Now, the attire for a hunt in the Scottish Highlands is not your local camos. For this type of hunting, it is not frowned upon to hunt with a tie and a proper hunting jacket. The House of Bruar is just the place for such upland hunting gear. I managed to get appropriate gear and was ready for the hunt.

After Pitlochry, my wife dropped me off at the estate's hunting cottages. From there, she disappeared into the Highlands for three days of relaxing and reading. When I arrived at the cot-»



Wayne and Charles on the first day. The area on the southern slopes, where they hunted, is extremely isolated and literally "at the end of the road".



TOP: Charles with Ewen and John. Charles had good fortune on the southern slopes on the first day.



RIGHT: Piet with one of his stags. He put in the hard yards over the three days and managed to get two stags on this trip.

» tages, everyone was in high spirits. It was nice to meet James and see the others again.

The next morning, we headed out to meet up with Alex and his team. We decided to split into two groups, one hunting the northern slopes and the other the southern slopes. I was hunting with Piet and Sean. We set off with an Argo – an eight-wheel, all-terrain vehicle without which you cannot hunt in the wet terrain. We scaled the mountains above the cottages and started glassing for stags. After a while, we spotted a nice group of hinds with a decent stag. Sean was up first. It was raining the whole morning, with no end in sight and no place to hide. We got into shooting range and settled in. The stag was lying down, but the conditions were very difficult. Eventually, this turned out to be a missed opportunity. I was up next.

We went back to the Argo and glassed the mountain on the opposite side. There, we saw several groups of hinds accompanied by some stags. We decided to walk down into the valley and slowly stalk up the mountain on the other side. To be brutally honest, Highland stalking is not easy hunting. The terrain is difficult, it is wet, and it is very steep. In addition to the hostile terrain, the stalkers are a tough bunch of Scotsmen who don't mind breaking you in on such a hunt.

We worked our way down the hill and slowly up the other side. When we saw a decent stag higher up, we got ready to approach it. Ewan, our stalker for the day, and I crawled up the hill. We managed to get into a good position and waited. The stag was on the skyline. Ewan called, and the stag started moving downhill. It approached us and stopped about 120 metres away, slightly broadside. I took my time, squeezed the trigger, and heard a thumping sound.

The shot was solid. A couple of seconds later, the stag was down. When we approached it, it was dead – a decent eight-pointer. What a day! We enjoyed the moment with a dram of Scotland's finest and took some beautiful pictures from the mountainside.

Piet and Ewan continued up the mountain. Sean and I worked our way back downhill and eventually back to the cottages. By then, we were soaked and decided to continue our hunt in front of the fireplace. On the other side of the loch, both Wayne and Charles got a stag. Not a bad first day.

The next morning, Wayne and I decided to take a break and enjoy a day of fishing on the loch. It was a beautiful day. The landscape in Scotland is something to behold. You can pretty much take a picture in any direction, and it will be beautiful. We did not catch any fish but had a wonderful day out. Both Sean and James managed to get a stag on the day.

I was teamed up with Wayne on the southern mountains the following day. We were hunting with John and his gillie Ewen. The two of them were very pleasant and Wayne and I had a good laugh.

On our way up the mountain, we spotted a decent stag in front of us, moving over the ridge. John kept a cool head and we continued to the top. From there, we looked down into the valley on the other side and was greeted by various stags basking in the sun below, a beautiful sight. We walked further up the ridge of the mountain. John spotted a decent stag, and he and Wayne proceeded further. A short while later, we heard a solid shot, and the stag was down. Wayne managed to bag his second stag high up in the mountains on a lovely day!

After taking some photo-



Fishing in Loch Arkaig. The lake has Ferox trout, char, brown trout and pike. Brown trout season was closed during our trip, so we targeted pike.



TOP: The view from our cottage. The cottages are well equipped and very comfortable.

BOTTOM: A view of Loch Arkaig from the northern slopes, looking into a southerly direction.



graphs, we settled down and had lunch right up there on top of the mountain. Our view was down a scenic valley, untouched by the human footprint. That lunch was something special. I was in good company, we had good food, a dram or two of the best, and enjoyed a view that very few people ever get to see.

On the other side of the estate, Piet had succeeded in shooting two stags! It turned out to be another fruitful day.

After the hunt, we all gathered in the larder area and enjoyed some refreshments with Alex and his team. It was the end of the stag season, and we all managed to hunt our stags. The pressure was off, and everybody was happy. It was a very nice way to end the hunt.

That evening at the cottages, we cooked a warm meal and relived the hunt. We had a good laugh and Charles kept us entertained till late into the night.

My wife picked me up the following day, and we spent a couple of days on the Isle of Skye. We visited distilleries and enjoyed the scenic views. We also visited some castles and soaked up the history. Scotland is truly a country of immense beauty.



View of Loch Arkaig. Wayne took this picture when we went for a walk on the northern slopes, looking back.




**Die okulêre oogklappe van sagte rubber wat vorentoe en agtertoe vou. In die bos verkies ek dit vorentoe en uit die pad uit, maar as jy rustig sit en kyk, werk dit goed om die glans uit jou oë te hou.**



# STEINER RANGER LRF 10x42 AFSTANDTASTER-VERKYKER

Afstandtaster-verkykers het die afgelope sowat tien jaar met rasse skrede verbeter. Die tegnologiese vooruitgang is eenvoudig ongelooflik en die spoed waarmee gemeet word en algehele gewig van hierdie soort verkykers is soms verstommend. Baie jagters verkies ook eerder 'n effe swaarder afstandtaster-verkykerkombinasie as 'n "gewone" verkyker en addisionele afstandtaster bloot omdat jy dan net een stuk toerusting hoef saam te dra. Dit is ongetwyfeld baie vinniger om jou verkyker te lig, die afstandmetingsknoppie te druk en terselfdertyd die bok se eienskappe, ens. waar te neem as om 'n afstandtaster uit jou sak te haal, die afstand te meet en dan met jou verkyker seker te maak of die bok skietbaar is of nie.

Steiner is 'n hoogs gerespekteerde naam in Suidelike Afrika en bekend vir kwaliteit optiese produkte oor 'n wye spektrum. Inyathi Sporting Supplies, die invoerder, het my 'n paar maande gelede een in die hand gestop en gevra dat ek ons lesers daaraan bekendstel.




Die Steiner Ranger RLF 10x42.




**BO: Die Steiner se verstelringe is van harde rubber en grofgeruit – jou vingers vat hulle dus lekker raak.**

**ONDER: Die afstandfokus-verstelring en batterykompartement.**



Die verkyker weeg 1 100 gram en is 210 mm lank en 140 mm wyd. 'n Duursame rubberhuls beskerm die buise en brug tussen die buise. Die buise is redelik uniform in deursnee van voor tot agter en verstel vir tussenoogspasie met die nodige stramheid. Alle verstelringe is ook bedek met 'n harde, grofgeruite rubberhuls wat die knoppe se verstelling baie maklik maak. Die oogklappe het wegvoubare rubberoogklappe wat óf vorentoe vou en uit die pad is, óf oopslaan en om die kant van jou kop en om jou oë vou (meer hieroor later). Volgens Steiner kan die verkyker impakte van 11 G weerstaan. Ek kan dit ongelukkig nie toets nie, so ek aanvaar hulle woord daarvoor.

Die verkyker word deur twee knoppies beheer – een vir afstand meet en een vir die verstellings. Afstande kan gemeet word in jaart of meter tot 'n maksimumafstand van 1 800 meter. Die eenheid word aangedryf deur 'n enkele CR2-batterytjie wat volgens Steiner vir sowat 2 500 lesings hou. Behalwe die standaard-afstandmetingsfunksie is daar ook 'n skandeerfunksie of *scan mode* om verskeie onderwerpe se afstand te bepaal soos wat jy die verkyker in 'n ander rigting hou. Die verkyker se prioriteit kan ook verstel word om te fokus op naby voorwerpe of om sulke voorwerpe te ignoreer, bv. grashalms wat voor jou is. As jy in die berge jag, is die horisontale afstandfunksie uiters handig – die verkyker neem die helling waarteen jy kyk in ag en gee vir jou die werklike horisontale afstand wat jou koeël se trajek gaan beïnvloed in stede van die "siglyn"-afstand tussen jou bo-op of onderaan die berg. Die intensiteit van die syfers en ander aanwysers kan ook verstel word tussen ses verskillende intensiteitsverstellings.

'n Interessante verstelling is die een vir "ongure weer" wat jou toelaat om akkurate lesings te verkry as dit reën of mistig is – duidelik 'n innovasie vir die Europese mark wat gereeld onder sulke omstandighede jag. Dit kan egter ook uiters bruikbaar wees vir ons jagters in die Drakensberge en Oos-Kaap wat gereeld sulke weerstoestande moet verduur. Hierdie funksie bring mee dat die laser wat uitgestuur word, baie sterker is (en dus deur digte mis en reën penetreer), maar gebruik ook aansienlik meer batterykrag, aldus Steiner. Ek kon dit nie toets nie aangesien ek net in mooiweer met die eenheid gejag het.

In die veld het die 42 mm objektiewe lense gesorg vir 'n goeie, wye gesigsveld. Die optiese kwaliteit is van die hoogste gehalte en ek kan nie daarmee fout vind nie. Die okulêre lense se oogstukke draai vir my effe te maklik in en uit in die bos as jy aanhoudend beweeg en ek dink Steiner kan hiermee 'n plan maak in die toekoms. Só 'n soort verkyker is nie bedoel om met vriende en familie gedeel te word nie en ek sou oogstukke verkies wat baie moeiliker draai. Die oogklappe op die okulêre lense werk egter baie lekker as jy op 'n klip op die berg sit en valleie bespied – dit neem die glans wat langs die oogstukke inkom, weg en laat jou toe om op die beeld te fokus. Dit is weereens duidelik 'n ontwerpspesifikasie vir die Europese en Amerikaanse markte, maar werk uitstekend vir iemand soos ek wie se oë maklik moeg raak. Ek het dit nogal waardeer toe ek net stilgesit en bokke in die vallei onder my gesoek het toe ek met die Steiner gejag het. In die bos, terwyl ek loop-en-bekruip het, het ek egter die oogklappe vorentoe geslaan vir 'n fiemiesvrye ondervinding. Twee stewige rubberklappe wat met geweefde materiaallussies aan die buise vasgemaak is, maak die objektiewe lense toe en word maklik laat sak deur bloot jou vingers oor hulle te vryf en terselfdertyd af te druk. Afstandmetings was onmiddellik en ek kon verskeie kere binne sekondes die afstand bepaal op springbokke, blesbokke (beide in lang gras) op afstande tot en met net onder 500 meter – en dit uit die vrye hand. As ek die verkyker oor iets laat rus het, was die voorwerp wat die verste was, 1 710 meter met 'n lekker weerkaatsende oppervlak – meer as genoeg tensy jy 'n skerpskutter vir die spesialismagte is...

*Die verkyker kos ongeveer R24 500 en is die moeite werd om te oorweeg as jy in hierdie mark is. Kontak gerus Inyathi Sporting Supplies by 012-808-9911 om 'n handelaar naby jou op te spoor.*




Hornady's Match and Precision Hunter ammunition are a great choice for the hunter and shooter who do not reload their own.

# HORNADY'S PRECISION HUNTER AND MATCH AMMUNITION

In the June 2023 edition of SA JAGTER/HUNTER, we tested the Savage Model 110 in 6.5 PRC. As mentioned, I used Hornady's Precision Hunter and Match ammunition. This test report looks at how this ammo performed.

### MATCH

First up, the Match ammunition in 147 grain. Hornady claims their Match bullets are manufactured to ensure the smallest tolerances in both the processes of making the lead core and the jackets. The Match bullets are classified as ELD (Extremely Low Drag) and, as the name suggests, they are of course intended for target shooting with a secant ogive and Hornady's Heat Shield tip that initiates expansion. These bullets have a G1 BC of 0.697 (G7 of 0.351), and Hornady's packaging claims a muzzle velocity of 2 910 fps. I fired seven rounds over my chronograph and registered muzzle velocities as 2 922, 2 887, 2 894, 2 909, 2 892, 2 891 and 2 920 fps for an average of 2 902 fps – spot on to what Hornady advertises. The SD (Standard Deviation) is 14,62 fps and the ES (Extreme Spread) between velocities 35 fps. My first three-shot group (with a clean barrel) at 100 metres with the rifle measured just over a MOA, but the subsequent group measured a very pleasing 11,65 mm or 0,40 of a MOA, which gets an A+ in my books.

I then did a wetpack test for penetration, using old magazines soaked in water overnight. The magazines were drained of excess water and compacted by placing a 30 kg weight on them, and then tying them up with a string. Although compacted, wet magazines are not animal flesh and bone, and it is a severe test for any bullet – something I have come to believe over 30 years of conducting these tests. This test is extremely hard on any bullet – just punch that wetpack (lightly!) with your fist to feel first-hand how hard it actually is… It is also the only practical way (apart from spe-



Left: A Match bullet recovered from the wetpack. Bear in mind that these bullets are not intended for hunting large-boned animals.




Right: The 11,65 mm three-shot group I shot with the Match ammunition.






**Left: A Precision Hunter bullet recovered from the wetpack. It retained more weight than the Match bullet.**

**Right: The 23,78 mm three-shot group achieved with the Precision Hunter ammunition.**

cialised and expensive ballistic gels) to recover fired bullets, as the chances of bullet recovery are normally slim under most hunting conditions. The three Match bullets I fired penetrated 24, 24 and 25 cm respectively and weighed 58,2 grains, 52,3 grains and 33,4 grains of the original 147 grains. Two fragments were recovered next to one bullet and one of the bullets lost its core. Given the intended "range-use" purpose of the bullets, this is not surprising, taking into account the severity of the test, as they would still be doing almost 2 800 fps at 100 metres. It is a fine plinking and gong bullet, and I would even use them on game up to blesbuck size in this calibre where a premium bonded bullet is not necessary and when shot placement is chosen carefully.

**PRECISION HUNTER**

The Precision Hunter bullets (loaded with Hornady's ELD-X bullets, of course) in 143 grain were up next. The best three-shot group I could achieve was 23,78 mm or .082 MOA, also fired at 100 metres. (Two other groups measured just under a MOA and just over a MOA.) The velocities for seven shots were 2 928, 2 885, 2 912, 2 910, 2 889, 2 913 and 2 922 fps for an average of 2 909 fps – about 50 fps slower than what Hornady claims, but this is actually irrelevant. The ES was 43 fps and the SD measured 15,97 fps. The Precision Hunter bullets use the same Heat Shield tip as the Match bullets, and Hornady claims weight retention of 50-60% at ranges below 400 yards and 85-90% at ranges above 400 yards. In the same wetpack test, they penetrated 26, 23 and 23 cm and weighed 67,0, 62,1 and 61,9 grains respectively – on average 44.52% weight retention. Given the massive impact speed of a 6.5 PRC at 100 metres mentioned earlier, this is not surprising – it is an extremely harsh test for any bullet.

As you would expect, both bullets are of the non-bonded design and should be used for their intended purpose and within the design and speed (impact velocity) limitations. Put differently, they are not intended for thick-boned animals requiring ultimate weight retention and penetration. For out-of-the-box factory ammunition, you could not ask for better accuracy and velocity consistency.

The Heat Shield tip has an interesting story. When Hornady's engineers developed the Match bullet, they noticed that Doppler Radar readings at various distances did not conform to what was expected from scientific predictions and formulas. It appeared that the bullets had two different BCs at different ranges and suffered severe, unexpected drag shortly after leaving the muzzle. The culprit was the polymer tip they used at the time – it deformed as a result of heat at short distances and affected the aerodynamic characteristics of the bullet, thus upsetting predicted flight paths. Hornady went back to the drawing board and created the Heat Shield tip, maintaining that it has heat-resistant capabilities 2,5 times better than the previous tips used, and that it does not suffer from heat deformation. The Heat Shield tip is also not "pointy" even though it appears to be. Upon closer examination, one can see that it actually has a tiny meplat that avoids deformation of the pointy tip during normal transport and carry – quite clever, methinks… Unfortunately, my photographic skills do not extend so far as to properly photograph it.

*Both the Match and Precision Hunter bullets that were tested sell for about R1 300 per box of 20 and are available in various calibres. Should your local dealer not stock it, ask them to call Inyathi Sporting Supplies on 012-808-9911.*





**The memorial on the site where Livingstone died at Chief Chitambo's village in Northern Rhodesia (now Zambia) in 1873.**

# MARK THE SPOT

*The way we mark our beloved companions' graves is a matter close to the heart.*

The leadwood would make a good marker, I thought, as we rolled the heavy boulder over his grave. They grow very slowly and get very old; the books talk of a thousand years plus. Even after death, they can stand like a monument in the veld for many years – almost indestructible, land-clearing bulldozers and veld fires being their biggest threats. Even elephants fail to move them. In game reserves, one often sees giants with mud-stained trunks – evidence of the constant use of leadwoods as scratching posts by Africa's big pachyderms. Leadwood bark is rough and must be ideal for getting rid of those itchy parasites. A roll in the mud and a good scratch against a nearby *hardekool* must be close to heaven for an old Kruger bull.

The little brown cocker was the best companion any man could ever dream of having. We were inseparable. A tough and fearless ball of energy, he followed me everywhere. As a gun dog, he was pretty useless, but that did not matter much because I was pretty useless too… I did not really know any better. But thinking of it, as useless as he was, he still made the best retrieve ever of all my dogs. One day, the guineafowl dropped over a cliff, and we had to walk around to the base from where I lifted him up from ledge to ledge. I watched his nose and eyes, and if he wanted to go up higher, I had to help him along. He eventually found it – scarily high, just before I was about to call it off. One great retrieve in all of his 13 years. That one, and perhaps the gyppo that swam away with him holding onto her wing. That was rather brilliant too. He slowed the goose down enough to give me time to get to them with an old fishing canoe. I loved that dog.

